# *Die Pérgamése Kerktydperk*

Goed. Nou, wat my betref, sou dit beter wees om dit af te skakel. Goed.

2 Ons is so bly om weer hier te wees in die diens van die Here vanaand. En gisteraand het ek regtig gevoel of die Millennium gekom het. En so het ons nou, ek glo 'n paar vrae hier, en ek sal hulle in my sak sit sodat. . . Ek—ek reken hierdie is gebed. . . om oor gebid te word. En ons is. . . En ek sal probeer antwoord die beste wat ek—wat ek kan.

3 Sê, as julle vir Doc sal sê of hy "daardie sal afskakel," dat die. . . skyn reg af op my, so, ek nie onder 'n kollig is nie. Julle weet, ek—ek is nie een van hierdie kolligpredikers nie. So, sal net beter wees daarsonder, reken ek. Gister. . .

4 Ek het daarvoor gevra, Doc. Ek bely, ek—ek bely, julle sien. O, nee, wat dink jy. . .? Moet jy daar opdraai en daaraan werk? [Broer Branham het 'n gesprek met sy broer, Doc—Red.] O, wel, los dit net uit. Ja. Wel, los dit net uit. O, nee! Nou, moet jy dit nie laat val nie. Ja. Nou ek hou meer daarvan. Partykeer. . . En ek hou nie van 'n lig wat reg in jou gesig skyn nie, julle weet. En—en dit afskyn soos hierdie waar ek beter kan sien. Ek dank jou, meneer. Dit sal hom kos.

5 Julle weet, jy kan nie klaarkry met hierdie kerktydperke nie. En vandag, toe ek studeer het oor hierdie een, het ek vir my vrou gesê, ek het gesê: "O, goeiste! Ek—ek het genoeg tekse gekry om vyftig preke te preek net uit hierdie een." Sien? En hulle net. . . daar's geen manier om dit te doen behalwe om net die hoogtepunte uit te lig, en dan, as ons miskien die boek skryf, sal ons probeer om meer daaroor te kry.

6 Ek het jou nie hier gesien nie, broer. Hoe gaan dit met jou, Broer West? Ek het so pas goeie nuus gehoor, dat die laaste van Broer Daulton se familie ingekom het, die ander seun. . . die ander dogter. Dis tien, is dit? Nege. Julle onthou dit was onder die nuwe bediening, toe die Here vir hom daar gesê het dat die. . . sy familie gered sou word. Ek het vir hulle gebid, daar gestaan sonder om te weet wat ek sou sê, die Heilige Gees het gesê: "Ek gee jou jou familie." Sien? Uh-huh. En daar is dit, elkeen van hulle. Sien hoe maak die Here? Sien, Sy Woorde is volmaak, hulle faal nooit, nooit nie. Wel, ons wil nie na die Goddelike genesingskant toe gaan nie, ons probeer so lank bly as. . . hierdie deel, aan die profetiese kant.

7 Nou, vanaand gaan ek net probeer om te praat, as ek kan, en ons sal kom by die geskiedkundige dele van hierdie groot kerktydperk, van die tweede. . . of die derde kerktydperk waarby ons vanaand is. Geniet julle dit? Dis net wonderlik. Ek dink

regtig dis net wonderlik hoe die Here Jesus ons geseën het en ons hierdie dinge gee, en ons waardeer dit met ons hele hart, ons voor die tyd te laat weet wat in die toekoms gaan gebeur. Hy ken die einde van die begin af, en so ons is so bly daaroor. So, ons vertrou die Here sal ons seën.

8 En het julle opgelet, gisteraand het die Heilige Gees vir ons (na die diens verby was) drie boodskappe en drie siele gegee. Net presies. En toe die Gees gespreek het, toe het dit teruggekom op die laaste uitleg, herhaal, gesê: "Wat die Gees aan die gemeentes sê. . . " O: "Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." Net. . . En die Gees wat deur die gawes van die kerk sê. O, mag die kerk dit nou eerbiedig hou, sien, hou dit net eerbiedig. Wees versigtig; Satan sal kom, julle aan die diep kant daarvan laat probeer afgaan. Wees seker dis die Heilige Gees elke keer. En as dit die Heilige Gees is, sal Hy direk praat oor iets wat aangaan. Dis vir die opbouing van die kerk. Sien? En dan as julle net eerbiedig met hulle sal wees, dan sal God julle meer gee. Sien, net meer en meer byvoeg. En as. . .

9 Nou, iemand het gebel en gevra. . . mense wat vandag gebel en gevra het wanneer die genesingsdienste gaan wees. Nou, sodra hierdie dienste verby is, volgende Sondagaand, gaan ek vir 'n paar dae weg, soort van my keel 'n bietjie laat rus, en die volgende Sondag, as die Here wil, sal ons 'n genesingsdiens hê, die volgende Sondagoggend. Dit sal wees 'n. . . weet nie net watter dag dit sal wees nie, maar dit sal 'n week van. . . Die 18de, Sondagog-. . . Is dit reg, Broer Neville? Hm? [Broer Neville antwoord: "Ja, meneer."—Red.] Sondagoggend, die 18de, bid vir die siekes.

10 En hierin, ons pastoor hier, ek het nie 'n kans gehad om veel oor hom te sê nie, maar ek wil hê julle almal moet probeer om ons pastoor te ontmoet. Hy's beslis 'n—'n ware broer in Christus. Ons is bly om 'n broer te hê wat. . . grootgemaak in 'n Metodiste agtergrond, met heiligheid. En ons almal ken Orman Neville, almal hierrond. Daar's niemand wat 'n vinger op sy lewe plaas nie. Ek sou. . . Hy hou nie daarvan dat ek dit sê nie, maar tog sal ek hom liewer 'n klein roosknoppie nou gee, as 'n hele krans na hy heengegaan het. Sien? En nou is die tyd.

11 Een aand het ek uit die kerk uitgegaan en iemand het gesê: "O, Broer Branham, ek het regtig daardie preek waardeer."

En ek het gesê: "Dankie."

12 En so het iemand by die deur gestaan, (dit was baie jare gelede, hier by die tabernakel) 'n prediker, gesê: "Wel, prys God, ek wil nie hê enigiemand moet dit vir my sê nie." Sien? Gesê: "Ek wil hê al die eer moet na God toe gaan."

Ek het gesê: "Wel, dit gaan." Sien? En ek het gesê: "Wel, ek self hou daarvan." Ek het gesê: "Ek hou regtig daarvan." En ek het gesê: "Ek moet eerlik wees."

En hy het gesê, hy het gesê: "Wel, ek hou nie daarvan dat mense dit van my sê nie, prys God!"

Ek het gesê: "Daar's net een verskil tussen my en jou: ek's eerlik daaroor, en jy's nie."

13 Enigiemand hou van . . . As jy 'n klein kindjie vat, 'n bietjie met hom spog, sal hy beter vaar. Sien? Dis reg. Sien? En God, altyd, Hy hou daarvan om Sy kinders te sê wanneer hy reg optree. Julle hou daarvan om hulle te sê wanneer hulle verkeerd optree, so waarom nie vir hulle sê wanneer hulle reg optree nie? Sien?

14 So, ek dank God beslis vir Broer Neville wat die pastoor van hierdie kudde is hier by die tabernakel. En daardie man te sien, met Metodiste agtergrond, stadig om . . . Wel, net asof jy in die verkeerde stal wil eet. So . . . maar vind uit deur die—die groot Heilige Gees, en nou in daardie gawes inkom; en hoe vloeiend die Heilige Gees hom gebruik wanneer hy nie sy eie verstand gebruik nie. Hou die uitleg met dieselfde ritme dop, en dieselfde opgaan en afgaan, soos selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde, ensovoorts, en wat dit weer reguit terugantwoord.

15 En hierdie broertjie, ek dink nie hy's . . . Junior Jackson. Wel, ek sal stilbly, Junie. Ek dank God vir Junie Jackson, die broer het beslis 'n groot gawe van die Here.

16 En bly net altyd nederig. Nou, elkeen in die kerk het iets om te doen; maar moet dit nooit eenkant toe trek vir iets anders nie, laat dit inskakel by die res van die kerk. Dis vir God, alle dinge. Sien? Sien? Moenie almal wil praat in tale, almal uitlê nie.

17 Probeer iets goed doen en hou net aan goed wees; moenie enige haat koester nie, geen wrokke nie, moenie enige bitterheid toelaat nie. Maak nie saak hoe sleg die persoon is en hoe sleg hulle van jou praat nie, moet jy nooit kwaad bedink in jou hart teen hulle nie; want net daar sal die duiwel inkom, net daar iets opwerk. Hou dit net alles bedek met goddelike liefde, belydenis, en regmaak, en doen goed aan hulle wat kwaad aan jou doen. "As julle net goed doen aan diegene wat goed doen aan julle, wel," het Jesus gesê: "doen die tollenaars nie dieselfde nie?" Sien? Die sondaars, enigiemand kan goed wees vir diegene wat goed is vir hulle. Maar wees goed vir hulle wat nie goed is vir julle nie, doen iets vir hulle wat niks vir jou sal doen nie. Doen 'n goeie woordjie vir die man wat kwaad van jou sal spreek, en dis die manier wat jy al die bitterheid uit jou hart hou; en dan is jy altyd verlief op almal, solank jy verlief bly.

18 Nou julle sê: "Wel, hulle het . . . " Ons is nie die regter nie, God is die Regter. En jy wil nie hê die arme kêrel moet uitgewerp word nie, wil jy? Beslis nie, maak nie saak wie hulle is nie. Jy sou nie dit wou hê nie, so probeer goed wees vir hulle. "En liefde bedek 'n menigte sonde." Uh-huh. Ja, meneer. Liefde, net daardie goeie, Christen, goddelike Liefde.

19 As ’n man naderkom en jou ’n “holy roller” en allerhande name noem. Nou—nou moenie nét so maak nie. Sien? As jy nie so kan maak nie, stap net weg. Maar in jou hart, moet jy wees by ’n punt wat jy sê: “Wel, dit . . . miskien, broer, as jy dit verstaan soos ek, sal jy soos ek voel daaroor.” Sien? En wees net baie saggeaard teenoor hom, en laat so voortgaan. En hoewel ons verskil so ver as die ooste van die weste, maak dit geen verskil nie.

20 Soos ek nou die aand gesê het, ek het ’n broer wat ’n . . . hy’s ’n mansgrote man. Melvin; hy’s lank, blondekop. Nou, ons lyk so min na mekaar, asof ons glad nie familie van mekaar is nie. En ons—ons aptyt verskil, en ons begeertes is verskillend; maar tog is sy ma my ma, sy pa is my pa, hy’s my broer. Sien? Omdat ons gebore is in dieselfde familie.

21 Nou, ons is verskillend. Melvin is nie ’n Christen nie, en hy hou van bofbal, perdewedrenne, en sulke goed. En ek—ek dink hy hou van sjokoladetert, en so ek is seker ons verskil daar. So ek—ek hou nie van perdewedrenne óf bofbal nie, ek hou van visvang en jag. Sien? En hy sal nie sy hand omdraai daarvoor nie, en ek sal nie my hand omdraai vir die ander nie. So dan, sien, maar hy hou van sjokoladetert en ek hou van kersie. So dan . . .

22 Nou, ek skimp nie, sien. Maar, ek het dit eenkeer in ’n diens gesê iewers, dat ek van sjokoladetert gehou het, en die volgende aand het ek omtrent vyf sjokolade . . . of kersieterte gehad, en ek het vier of vyf kersieterte gehad wat die susters gebak en vir my gebring het. Goeiste! Het ons ’n fees bo in my kamer gehad! Maar, ek—ek bedoel dit nie so nie. Sien?

23 So, ek bedoel net om julle die verskil te wys, julle sien. Maar maak nie saak wat hy is nie, ek is lief vir hom, hy’s my broer. En so is hy nie ’n Christen nie, want hy sien dinge in ’n ander lig, ek sien dinge in die Lig van Christus; maar tog kan ek nie sê hy’s nie my broer nie, want ons is broers gebore in dieselfde familie.

24 Nou, gisteraand, het ek ’n aanhaling gemaak, daardie laaste. En onthou nou, die eerste boodskap wat na die kerk toe gekom het na dié waarvan julle weet, behalwe daaronder in Kentucky, was dat daar geheimsinnige dinge in hierdie diens sou wees wat baie sou skok. Onthou dit? Dis op band, nou. Sien? Gisteraand is een van hulle geopenbaar. So dit het net soort van gestop vir ’n sekonde, maar ek is seker julle het dit gesnap; want die Heilige Gees het oorgebring, daar sou wees: “’n Ewige hel, daar’s glad nie so-iets in die Bybel nie.”

25 Daar is geen Ewige hel nie. As jy gehad het Ewige . . . As jy vir Ewigheid in die hel gebrand het, dan moet jy Ewige Lewe hê om daar te wees, as jy lewendig is. En daar is net een vorm van Ewige Lewe, dis God! Sien? So, en dan leer die Bybel nie van ’n *Ewige* hel nie, dit leer van ’n “ewigdurende” hel. Dit mag vir tienduisendmiljoen jaar wees, ek weet nie, maar dit moet ophou.

26 Want ek moes Dit daar inbring. Ek hou Dit weg van die kerk en dinge tot ek. . . dit hang van my af om Dit te sê. En dan is daar verskeie dinge hierin wat van my gaan afhang om Dit te sê, en so vind ons hulle dan elke aand.

27 Maar nou, van vanaand af, begin om julle geestelike denke aan te skakel, julle sien, laat die Heilige Gees Dit net laat inweek. En dan, as julle hoor en Daarmee verskil, gaan net weg en sê: "Arme Broer Branham, hy—hy weet beslis nie. Ek gaan vir hom bid." En doen julle dit, en dan sal ek. . . die Here sal my dan laat weet wat Waarheid is dan, maar simpatiseer julle net met my, en moenie—moenie my uitwerp nie. So dan kan dit ook waar wees, maar, o, ek het so 'n wonderlike tyd terwyl ek so dink. So dis net om elke kant te verbind. En ek, o, ek—ek mag verkeerd wees; maar daar mag 'n gaping daar iewers wees waarvan ek niks weet nie, so miskien weet jy wel, en bid jy dat die Here dit vir my sal wys.

28 En nou, en bo alles, bly bid vir mekaar en moenie dat die duiwel enige bitterheid êrens wys nie. Sien? Hou julle siele suiwer in hierdie uur, want ons is in die sluitingsure van die geskiedenis van hierdie wêreld. Sien? Ons is aan die einde, vriende, sonder 'n sweempie twyfel.

29 Soos ons afkom langs hierdie kerktydperke, gaan ons binnekort uitvind, en miskien baie daarvan vanaand. Ons gaan min of meer terug en kry 'n agtergrond waar ons dit moet afsluit, en nou in vanaand openbaar ons 'n paar ware geestelike dinge. Onthou nou, ek het dit gesê, julle sal julle geestelike denke moet aanskakel. Maar hou die Skrifte dop, dit moet *in* die Skrifte wees, en dit moet *deur* die Skrifte wees. Sien? Nou onthou die. . . Net die kennis van die Woord, van sê: "Wel, ek het hoërskool toe gegaan. Ek het Bybelskool toe gegaan. Ek het kollege toe gegaan." Dit spel niks. Al die Fariseërs en Sadduseërs het dieselfde ding gedoen, en het Jesus 'n miljoen myl ver gemis. Sien?

30 Die Skrifte, die openbaring van die Skrifte: "dis verberg vir die oë van die wyses en verstandiges en het dit aan kindertjies openbaar wat wil leer." So laat ek en julle kindertjies wees en net ons harte se las afwerp, en sê: "Here, sê U—U ons, en ons—ons luister." En dan die geestelike toepassing snap. Nou onthou dit, woorde wat van vanaand af gesê word, snap die geestelike toepassing, want ons kom in 'n groot geheimsinnige kerktydperk in.

31 Nou, ek dink dit was alles. Nou onthou môre-aand, ons is elke aand op 'n ander kerktydperk. En ek is seker dat ons baie tyd kon hê môre om heeldag lank hiermee voort te gaan, en dan môre-aand ook. Maar, sien, baie van hulle sal werk en ek sal probeer om net die hoogste hoogtepunte van hierdie boodskap te kry, by die punte uit te kom waarvan hier gepraat word, wat jy een van hulle

kon neem en net aangaan, dit laat uitloop totdat daar net geen manier is om te sê waarheen dit sal gaan nie. Sien julle? Maar . . . En bestudeer julle dit dan by die huis, en ek sal vir julle bid, en bid julle vir my, en God seën ons almal saam as Sy gelowige kinders.

32 Nou voor ons begin, ek wonder of dit nie te moeilik sal wees vir julle as ons kan staan nie.

En julle weet hoekom hou ek daarvan om te staan en bid? Jesus het gesê: "Wanneer julle staan, en bid, bid: 'Onse Vader Wat in die Hemel is.' Vergewe dan mekaar." Sien julle? En dan het Gideon eenkeer sy leër gekies volgens diegene wat gebuk en neergebuig het en die water opgelek het, of diegene wat gestaan het en die water gekry het. Sien julle? So, diegene wat geval het, wat—wat hulle voor afgode neergebuig het, en hy het geweet hulle was nie kandidate om te gaan nie. So, die een wat met hulle oog gestaan en die heeltyd dopgehou het. Dis hoe ons maak, staan en bid. Nou, ek glo in kniel en bid, ook; maar, staan en bid, ek dink dit beteken net iets vir ons, op 'n manier.

Laat ons nou ons hoofde buig, elke hart ook gebuig:

33 Genadige Hemelse Vader, soos ons nou plegtig U Troon van geregtigheid nader. En ons kom nie om vir U te vra om geregtigheid vir ons nie, want ons sou almal verteer word, maar ons kom, met die pleidooi "Genade, O Heer!" Stort oor ons uit, vanaand, van U Heilige Gees; nie omdat ons waardig is nie, maar omdat ons onwaardig is, en dit besef en dit erken, en ons kom nie in ons eie naam nie, want dis nie voldoende nie. Ons het geen geregtigheid, of—of niks nie, ons uiterste geregtigheid sou vuil lappe voor U aangesig wees. So ons kom nederig in die Naam van die Here Jesus, deur Hom voor ons te bring, die Bloed van Sy verbond, Dit op ons harte te dra, en te sê: "God, wees genadig aan ons sondaars, wat pleit om genade in die uur van nood." Dat, wanneer die laaste preek eendag gepreek sal word, ons weet nie wanneer dit sal wees nie; die laaste keer wat daar 'n geroep deur die lug sal gaan; die Bybel geslote op die preekstoel sal lê; wapens opgestapel sal word; en die beuels sal blaas; die son sal ondergaan. O God! Verberg my dan, O Rots van die Eeue, in daardie uur.

34 En ons sien daar's geen ontsnapping nou nie, niks behalwe deur U nie. Ons sien nasies verbrokkel. Ons sien die Bybel vervul. Ons sien Israel ontwaak. Ons sien die Boodskap aan die Kerk. En die uur is net omtrent verby, op die tyd wat groot dinge geopenbaar moet word, en die Sewe Seëls geopen.

35 God, God, O God, wees ons genadig, pleit ons in genade. En as U dienaar, pleit ek om genade vir elkeen in Goddelike Teenwoordigheid vanaand. God, mag daar nie een persoon onder ons wees wat sonde op hulle siel het nie, maar mag dit net nou

gereinig word deur die Bloed van die Here Jesus, dat ons almal mag ontmoet in daardie salige plek daar oorkant in die lug.

36 En soos ek hierdie Skrif benader vanaand, Vader, o, ek's onvoldoende. God, daar's niemand van ons voldoende nie. Ons erken ons weet niks nie, Vader, maar ons maak plegtig staat op die Heilige Gees dat Hy aan ons mag openbaar. Soos ons ontvou deur ons—ons verstandelike kennis wat U ons gegee het, die geskiedenis, mag die Heilige Gees die geestelike toepassing gee vir ons harte. Skenk dit, Vader, want ons wag op U in die Naam van Jesus, U Seun. Amen. Mag maar sit.

37 In die 2de hoofstuk van die Boek van die Openbaring, en die tweede kerk, die derde kerktydperk. Begin . . . ['n Suster praat in 'n ander taal—Red.] Verskoon my.

38 Onse Vader Wat in die Hemel is, laat U Naam geheilig word. Laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied, in die Hemel, net so ook op die aarde. Ons vra dat U met ons sal wees, Vader, en ons seën, en help ons om wyse meesterbouers te wees, in hierdie uur van groot benoudheid onder die mense. Wanneer verwarring en alles plaasvind, help ons om ons beste te wees, Here, om U dienaars te wees deur Christus se Naam. Amen.

39 Nou, ek het dit eerste gesê, dat julle mag weet. Het julle opgelet, die uitleg het nie gekom van die Woord nie? Ons Suster was sonder twyfel, gesalf deur die Heilige Gees, maar sy het die boodskap gegee nadat daar op die Woord ingegaan is, julle sien. Dis net bietjie buite die orde van die ding. Nou, dit was alles reg, liewe suster, wie jy ook al is. Heilige Gees op jou, o, dis so moeilik om dit in te hou soos daardie, ek weet. Dis net asof . . . Of as jy iets anders sou sê en . . . Sien, maar dit was alles reg; maar jy het dit waarskynlik gevoel selfs voordat ons begin het, jy sien. En dis hoekom, sien, dit terugkom as die Gees werk. Die gees van die profeteerdes is onderworpe aan die profete, jy sien. Dis jy.

40 Nou, miskien sal die Heilige Gees jou weer salf, net . . . Ek hoop Hy sal, net na die diens verby is. En jy sal die uitleg sien kom, sien, want dit behoort net reguit in daardie orde te wees dan, jy sien; maar ons nader net die Woord, jy sien, hierbinne. So, nou, dit was regtig van God, dit was regtig; ek glo dit en voel dit met my hele hart, want ek het die na-effek daarvan gevoel, julle sien. Maar die Heilige Gees . . . dit was nie tyd nie. Hy het 'n boodskap vir die suster aan die kerk, maar *hier* is waar Hy nou Sy Boodskap bewerk. Julle sien, Hy sal nie Homself verwar nie, Hy plaas alle dinge in orde. Ek's seker elkeen verstaan, julle sien, dis net reg.

41 Nou in die—in die 2de hoofstuk van die Boek van Openbaring. En laat . . . Ons begin vanaand met die—met die Pérgamus tydperk, die 12de hoofstuk. Nou, gisteraand het ons opgehou by die 11de vers:

*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Dié wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.*

42 Nou, in die eerste kerktydperk, het ons uitgevind die Nikolaïete het begin. God het Homself geopenbaar as. . . Jesus het Homself geopenbaar as die Almagtige God: geen ander, geen dele, geen stukke van God nie, Hy was God alleen.

43 Nou, in gisteraand se kerktydperk, het ons uitgevind dat Hy by die deur gestaan het en hierdie dinge aan die kerk geskryf het, en hulle vertel het van hulle armoede. Maar Hy het gesê hulle was by 'n . . . hierdie Nikolaïete, ensovoorts, wat Hy gehaat het.

44 Gisteraand was hulle die. . . die martelaarskroon gedra. Hy het hulle gesê om nie te vrees nie, tot die dood, dat Hy sou—Hy met hulle sou wees. En dan, ten laaste, het Hy gesê: "Hy wat oorwin! Hy wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."

45 Nou, as daar een dood is, en ons weet daarvan, dan moet daar 'n ander dood iewers wees, want een dood sterf ons hier in die vlees, die tweede dood sterf ons dit in die gees, die siel. Dis: "En die siel wat sondig, dit sal sekerlik sterwe." *Sterf* is net: "absoluut uit alles uitgaan;" julle sien, jy's—jy's. . . *Dood* beteken: "om weggeneem te word, dis—dis—dis weggedra, weggesteek." Dan, wanneer ons geliefdes sterf, bestaan hulle nie meer sover ons weet nie. Ons noem dit dood.

46 Maar 'n Christen sterf nie. Daar is geen Skrif dat 'n Christen sterf nie, want hy het Ewige Lewe. Wanneer 'n sondaar sterf, is hy gedaan, en sy siel sal uiteindelik sterf. Maar wanneer 'n Christen sterf, wag hy net by Jesus weer tot die terugkeer. O, ek hoop ek het tyd om daarby uit te kom aan die einde van hierdie visioen vanaand, na daar waar ons terugkom; en julle sal dit sien, hoe dit daardie selfde ding inbring van die tweede dood. Hierdie selfde hoofstuk waarop ons vanaand is, bring dieselfde ding in, en so 'n pragtige toepassing hier.

47 Nou—nou, vanaand, gaan ons hierdie brief sommer gou lees, want ek het bietjie—bietjie geskiedkundige inligting waarby ons eerste wil kom, en julle nie te lank probeer hou nie. Nou, by die. . . na hierdie dienste verby is, enige tyd wat ek hierdie te vinnig lees, as julle die toepassing daarvan wil kry; Broer Mercier hier het dit alles, ek oorhandig die notas reguit aan hom; en hy kan, want hy skryf op die boek, hy sal vir julle enigiets gee wat julle weet. . . julle—julle wil hê daaroor. Dit sal in die haak wees, Broer Mercier.

48 12de vers:

*Skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dít sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het:*

*Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, . . . troon van Satan . . . En jy hou vas aan My Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Ántipas My getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon.*

*Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.*

*So het julle ook mense wat vashou aan die leer . . .* (dis werke destyds daar in Éfese, nou het dit 'n "leer" geword) . . . *leer van die Nikolaïete,* . . . (Julle onthou dat ek julle nou die aand vertel het, hoe dit nadergekom het daarna? 'n *Werke* in Éfese, nou is dit 'n "leer") . . . *die—die leer van die Nikolaïete, wat* se goed *Ek haat.* (Uhm!)

*Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer . . .* (nie die ware Kerk nie) . . . *met die swaard van My mond.*

*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom* (hom*) gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.*

Nou, mag die Here Sy seën toevoeg Hierby, en ons nou help soos ons probeer.

49 Nou oor die agtergrond van hierdie kerk. Dis die derde kerktydperk, naamlik Pérgamus. En die—die datum wat hierdie kerk bestaan het, was vanaf 312, 312 nC. tot 606.

50 Die tydperk was: vals doktrine, Satan wat lieg, die grondslag van pousheerskappy, en huwelik tussen kerk en staat.

51 Die beloning was: verborge manna, 'n wit steen.

52 En die ster, die engel van hierdie kerk, met alles wat die Heilige Gees my laat doen het, het ek Sint Martin gekies. Dit was die—die openbaring wat vir my daarvan gegee is, deur van die ander heiliges te lees gedurende daardie tyd. Ek het Sint Martin gekies omdat hy 'n goddelike man was, volgens my was hy tien maal meer van 'n apostel as wat Sint Patrick was.

53 Nou, Sint Patrick was Sint Martin se susterskind; Sint Martin se suster was die moeder van Sint Patrick. En Sint Martin was . . . natuurlik, dit was Sint Patrick se oom.

54 Nou, sy lewe was van 315 nC. tot 399. Nou hier is die rede waarom ek hom gekies het voor ander heiliges van daardie dag, as gevolg van die manier wat hy homself gedra het. En onder die inspirasie van God, glo ek nie dat . . .

55 Nou, die Katolieke kerk het hom nie heilig verklaar nie, hulle het hom nie herken nie, en dis nog 'n rede waarom ek hom gekies het. Uh-huh, uh-huh. En al hierdie wat ons sien, wat die geestelike bediening het, het daardie vroeë kerk afgekeur. Die—die Nikolaïetiese kerk het dit afgekeur as gevolg van hierdie dinge: hulle was geestelik. En soos ek hier geteken het, die Kerk was besig om uitgedruk te word en die Nikolaïetiese doktrine was in die—was in die meerderheid; en die ware Kerk was in die minderheid, was altyd gewees.

56 En soos ek van die begin af gesê het, dit was Jesus wat gesê het: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die Koninkryk te gee." Dis hoekom ek die Koninkryk toepas as 'n geestelike Koninkryk. En ons is . . . het 'n geestelike Koninkryk, en ons is so bly daaroor, en 'n Koning in hierdie Koninkryk. Onthou, Hy is die Koning van die heiliges (*geheiligdes*), Hy is hulle Koning, wat hulle lei.

57 Die lewe van Sint Martin was . . . is een van die grootste wonderwerk-vervulde lewens van enigiemand in die kerktydperke. Van die heelpad van Paulus af aan, was hy een van die mees geestelike manne. Hy was . . .

58 Een van sy eerste wonderwerke was . . . Hy was 'n soldaat, om mee te begin, glo ek. En toe het hy eendag verbygekom en daar was iemand . . . 'n—'n Man wat gelê het, koud en bewend, en al die mense wat gewillig was . . . of, nie gewillig nie, maar in staat was om die man te help, hulle het net verby hom gegaan soos die—die priester en die Leviete gemaak het in die *Goeie Samaritaan*. Maar toe Sint Martin vebykom, met die besef van sy plig as Christengelowige, het hy een jas gehad, 'n kleed oor sy skouers, hy het dit in twee gesny met sy swaard en die helfte daarvan aan die bedelaar gegee, hy het die ander helfte geneem. En daardie aand het sy loopbaan begin, vir, Jesus Christus het aan hom verskyn, in 'n visioen, toegedraai in daardie selfde kleed wat hy in die helfte deurgesny het; wat die Skrif vervul het: "Wat julle dan ook al aan diegene gedoen het, dit het julle aan My gedoen."

59 So neem dit as 'n les. Wat jy ook al vir iemand doen, jy doen dit vir Christus. Onthou net. Nou jy . . . Laat ons dit saam sê [Broer Branham en gemeente sê saam—Red.] "Wat jy aan ander doen, het jy aan Christus gedoen." So, maak nie saak wat hy van jou dink nie, dis wat jy van hom dink, sien, dit bring die seën.

60 Dit was sy eerste wonderwerk en die begin van sy bediening. Daar's soveel daaraan, ek—ek sou nie tyd hê nie. Omdat ek julle wil terughê môre-aand en elke aand, so ek wil julle nie te lank hou nie.

61 Goed, die volgende wonderwerk wat ek gekies het om oor te praat vanaand.

62 Hy het heidendom absoluut vernietig, en hy was sterk gekant teen die kerk van Rome. Hy het absoluut verskil van al die biskoppe van die eerste kerk van Rome, hy . . . hulle het wêrelds geraak ensovoorts soos daardie, en hy het hulle weerstaan. Hy was beslis gekant teen hulle. Dis 'n wonderwerk dat hy selfs gelewe het in daardie soort tye. Nou . . .

63 Maar hy het eendag 'n heidense boomlaning vernietig, en 'n heidense altaar afgebreek, en daar het 'n heilige boom langs die heidense altaar gestaan. En hy het hierdie boom afgekap, en baie wat daar gestaan het, het dit afgekeur. Hy het gesê: "As ek 'n man van God is . . . Maak my vas in die rigting wat daardie boom leun en laat die boom op my val. As ek 'n man van God is . . . As ek nie 'n man van God is nie, sal die boom my doodmaak. As ek 'n man van God is, kan my God daardie boom êrens anders heen swaai." Nogal 'n uitdaging! So hulle het die boom begin afkap; en toe die boom begin val, het dit omgeswaai en 'n klomp van die toeskouers doodgemaak. God het dit laat omswaai teen die heuwel. 'n Wonderwerk! O, daar was die heeltyd wonderwerke in sy diens.

64 Nog 'n wonderwerk waaroor ek gedink het om te praat, was 'n dooie baba waaroor hy sy liggaam laat lê het. En dit het weer opgestaan in die lewe, nadat hy vir 'n ruk lank gebid het vir hierdie baba.

65 Nog 'n uitstaande een vir my, was die keiser. En hy sou sommige van God se Heilige Gees-vervulde mense doodmaak. En natuurlik was hy die regterhand van die—van die biskop van die eerste kerk van Rome, op daardie tyd, en hy was eintlik 'n pous voordat hy 'n pous genoem is. Sy naam was D-a-m-a-s-u-r, en hy het alle Christene doodgemaak wat hy in die hande kon kry om dood te maak. En—en hierdie keiser se vrou, 'n heiden, en duisternis oor haar eie hart.

66 En toe hierdie heilige Sint Martin gekom het om te pleit, het sy vrou hom oortuig dat hy moet probeer pleit vir hierdie Christene om nie doodgemaak te word nie. Natuurlik, toe hy uiteindelik by hom uitgekom het, het dit glad nie gehelp nie, want hy was net die regterhand man van hierdie pous; so hy het in elk geval daardie Heilige Gees-vervulde Christene doodgemaak.

67 Maar Sint Martin wou die onderhoud met hom gehad het, en die wagte het hom by die hek gestop. Wel, Sint Martin het op sy aangesig geval en daar gelê en gebid totdat God hom gewys het om in te gaan. Toe hy daar opgestaan het, het hy na daardie geslote deure gestap en hulle het self oopgegaan, reguit aangestap.

68 Nou, hierdie is geskiedenis, dit is nie net iemand wat van hom skryf nie, en net as 'n klein . . . Indien enigiets, sou hulle bevooroordeeld wees, as dit een of ander kerk sou wees wat praat; of, ek sou sê, ten minste, veral die pouslike kerk, sou hulle

nie daardie dinge noem nie. Maar, sien, die geskiedenis haal die waarheid aan. Sien?

69 En hierdie man het reguit nadergestap, Sint Martin, en reg verby elke wag, en al die res, reg tot voor die keiser. En die keiser wou nie God se dienaar respekteer nie. Julle weet, dis nie—dis nie manierlik nie. So hy het net sy kop weggedraai en wou hom nie eers respekteer nie. Weet julle wat het God gedoen? Hy het met hom probeer praat en hy het net sy kop weggedraai gehou, en God sou hierdie heiden Sy dienaar laat respekteer. So Hy het net die ding aan die brand gesteek, en dit het hom uit sy sitplek uit gebrand, hom opgelig, en hom laat opstaan.

70 Nou dis—nou dis Bybelgeskiedenis, *Niceense Raad*. Hy moes God se dienaar respekteer; Hy het hom laat opstaan. Dit het selfs die sitplek geskroei waar hy gesit het; vuur het deur sy liggaam gegaan en die onderkant van die sitplek geskroei, en hy moes opspring van daar af. God het 'n manier om dinge te doen, julle weet. Uh-hum. "God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig." En onthou julle, daardie selfde God woon onder ons vanaand. Dis dieselfde God. Goed.

71 En dan, nog een waarvan ek hou, en dan sal ek stop. Ek het 'n paar hier, maar ek raak . . . Nou hierdie is een waarvan ek baie hou, terwyl hy eendag gewag het vir sy mense, in gebed in sy studeerkamer.

72 En hy—hy was 'n groot man, en hy het hierdie Heilige Gees-vervulde Kerk gedra, en ons almal vermaan . . . O, hy was 'n . . . het hulle almal gevul gehad met die Gees, sy hele gemeente. En oraloor ver buite oor die hele land, het die Christene wonderwerke gedoen en tekens en wonders.

73 Sien, God praat met Sy boodskapper, die boodskapper praat met die lekedom. En dit is dan wat plaasvind, julle sien, Hy—Hy hou die lekedom en hom dieselfde in God; julle sien, die Heilige Gees wat deur die groep van hulle vloei.

74 Baiekeer wanneer hulle doodgemaak is, het die prediker reg onder hulle gestaan (soos *daardie*) en hulle almal op dieselfde tyd doodgemaak. En watter gruwels het hulle aan daardie mense gedoen! Hulle het hulle verbrand. Hulle het mans geneem en hulle vasgespyker saam met . . . op stompe, en wilde honde losgelaat, of . . . en hulle aan die agterkant van die persoon laat vreet, hulle ingewande deur te trek voordat die persoon nog gesterf het. Vroue geneem, sou hulle regterbors afsny, en hulle daar laat staan soos hulle hart geklop het, en net klop totdat hulle omval, dood, soos daardie. Die kinders uit verwagtende moeders gehaal en hulle vir die varke gevoer en goed, die moeders dit laat staan en dophou. En allerhande soorte!

75 Nou, julle sou nie dink mense wat Christendom bely, sou dit doen nie. Maar luister, die Bybel het gesê, Jesus het gesê: "Dit sal gebeur dat hulle julle sal doodmaak, met die idee dat hulle

dit vir God doen." Julle onthou, daardie selfde Jesus wat dit gesê het, deur daardie selfde Gees, het dit weer voorspel in die endtyd. Dit moet kom. As hierdie ander net presies volgens die Skrif was, kyk en sien of dit nie presies ooreenstem deur die Skrif en deur die geskiedenis nie. God het gesê dit sou gebeur, hier is die geskiedenis wat gesê het dit het gebeur; God het gesê dit sou hier gebeur, en hier's waar dit gebeur het. Sien, net presies. Dan, wat gaan ons doen wanneer ons afkom na die Laodicése Kerktydperk (sien, waar ons nou is) en die weë en dinge wat daarteen uitgespreek is?

76 So, nou, dan hierdie, hy was daarbinne aan die bid terwyl sy gemeente gewag het. En daar het 'n bedelaar na die deur toe gekom en aan sy deur geklop, en hy het die deur oopgemaak (en hy was besig), en hy het vir hom gesê hy wou 'n—'n kledingstuk hê. Hy was nakend en het niks gehad nie, dit was koud, en hy het gesê. . .Hy het hom omgestuur om die hoofdiaken te sien. En die hoofdiaken was geïrriteerd met hom en het hom weggejaag. En toe hy het, het dit omgehardloop, het hy weer teruggekom en vir Sint Martin gesê dat die—dat die—die diaken hom weggejaag het.

77 En so toe, omtrent daardie tyd, het die hoofdiaken weer ingekom en hom soort van kwaai gesê, dat: "Jou gemeente wag vir jou! Jy laat hulle wag!" Maar hy was in gebed. Dis beter dat hy in gebed bly totdat hy gelei voel van God om uit te gaan.

78 En hierdie bedelaar het teruggekom na die deur. En Sint Martin het sy eie goeie kledingstuk uitgetrek en dit vir die bedelaar gegee, en het die—die—die hoofdiaken 'n ander een laat haal en vir hom bring. So toe moes hy in elk geval 'n kledingstuk gaan kry, en dit vir Sint Martin aantrek. En hy het die ouer kledingstuk gedra buite voor die mense, in plaas van sy goeie kledingstuk.

79 So dit wys net: gee die beste wat jy het, gee jou lewe, gee jou tyd, gee alles vir Christus. En daardie selfde Gees wat in Christus gewoon het, lewe in jou, en—en jou invloed in jou buurt en op die mense waarmee jy te doen het, sal soveel soos Christus wees, totdat dit dieselfde ding sal doen as wat Christus gedoen het.

80 Uiteindelik sal dit gebeur dat die mense wat in die skaduwees gelê het en genees is. Dis—dis reg, net soveel krag van liefde om hulle. En hulle het gesê dat: "Toe Sint Martin gepreek het, nadat hy uitgekom het met hierdie ouer kleed aan, dat die hele gemeente 'n Ligglans rondom hom opgelet het." Uh-huh. Sien? Sien, omdat hy die regte ding gedoen het.

81 Doen altyd wat reg is, jou plig teenoor God; dink reg, dis jou plig teenoor jouself; en jy moet reg uitkom. Dis reg, jy moet net.

82 Nou, ons wil nou begin om te probeer om hierdie in 'n kanonieke van verduidelikings te neem, vanaand, omdat Dit baie sterk hier aanspreek.

Nou, *skryf aan die engel van die gemeente van Pérgamus: Dít* wat *sê Hy wat die skerp twee-. . . swaard. . . skerp tweesnydende swaard het:*

83 Nou, ek wil hê julle moet oplet Hy stel weer Homself vanaand voor as Godheid. Elke kerk was een van Sy verheerlikte state: die Een wat die twaalf sterre gehad het. . . of "sewe sterre in Sy hand, Hy wat die skerp tweesnydende swaard het," sien, so-iets: "Hy wat voete van koper het, die oë wat gaan met. . . 'n vuurvlamme." Hy stel Homself weer bekend as Sy Godheid.

84 Nou sê julle: "Waar lê Godheid hierin: 'Hy, met 'n skerp tweesnydende swaard wat uit Sy mond uitgaan'?"

85 Wel, die *swaard* is die "Woord." Hebreërs 4, ons het dit aan die begin geneem, toe ons daardie Godheid van Hom nagegaan het. Die swaard, het ons in Hebreërs 4:12 gevind, dit was: "Die Woord van God was skerper as 'n tweesnydende swaard." Is dit reg? Dit was die Woord van God. Is dit dit? Nou kyk, jy he-. . . kry hierdie verklarings. Nou gaan daardie Woord na, Johannes 1: "In die begin" (ver terug) "was die Woord, wat die hemel en aarde geskape het." Is dit reg? "En die Woord was by God, en die Woord was Godheid. En Godheid het vlees geword en het onder ons gewoon." Is dit reg? "Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon."

86 En hier staan Hy hier, die Een aan die begin: "Sê dit aan die engel van die kerk van—van Pérga-. . . Pérgamus. Sê dit vir hom: 'Ek is die Woord van God.'" O, ons sien Hom oorkant in Openbaring, wat kom met Sy kleed gedoop in bloed, kroon op Sy hoof, wat ry op 'n wit perd, en op Sy heup is geskryf: "Die Woord van God." O, ek hou daarvan. Hy is die Woord, die Woord van God. So, ons sien dan hierdie Godheid in die begin, om Homself voor te stel, Hy is die Woord.

87 Nou, as Hy die lewende Woord is, dan is Hierdie geskryf op die Bybel deel van Hom; dan as jy Hierdie ontvang, in Hom in (wat die Woord is), hierdie Woord in jou inkom deur geloof, laat Dit leef, want die. . . O! Begryp Dit! Die Woord kom in jou in, as die Heilige Gees daarin is, is dit lewendig sodra dit inkom, en elke belofte is waar. Niks. . . "Daarom, as julle vir hierdie berg sê 'Word opgehef,' en nie in julle hart twyfel nie." Want (wat?) jy is Godheid wat spreek. Glo julle dit? Bybel het so gesê. En wat julle ook al sê, sal gebeur as julle nie sal twyfel nie, as julle al die—die wêreld uit julle uitgeteel kan kry, die Heilige Gees jou 'n volle seun of dogter van God laat maak: geen wêreld, geen veroordeling, geen twyfel nie. Wat is dit, dan? Dis nie meer jy nie, dis God in jou. Dan neem jy Sy Woord, Dis 'n belofte, en sê: 'Vader, dis U belofte." "Satan, . . . " Iets moet beweeg. Sien? Sien?

88 Nou, jy kan dit nie doen voor God aan jou geopenbaar het wat daardie geval moet wees nie. Sien? Dan, wanneer jy weet wat die geval sal wees, dan kan jy sê, soos Jesus. Hy *was* die Woord. Is

dit reg? En tog het Jesus, die man, die tabernakel, gesê: “Ek doen niks as die Vader My nie eers wys nie.”

89 Dan is dit nie die Woord dan, voordat dit gemanifesteer is aan jou nie. Begryp julle dit? Geen wonder mense sê “die dae van wonderwerke is verby” nie, die Woord is nie aan hulle gemanifesteer nie. Geen wonder hulle kan nie glo in die Heilige Gees nie, die Woord is nie aan hulle gemanifesteer nie. Geen wonder hulle kan nie die openbaring van die doop in die Naam van Jesus Christus sien nie, die Woord is nog nie aan hulle gemanifesteer nie; en tog het hulle nie een Skrif om na toe te gaan nie, daar’s geen plek waar enigiemand ooit gedoop is op enige ander manier nie.

90 Oor die Heilige Gees, het die Bybel gesê dat “Niemand kan Jesus die Christus noem nie, slegs deur die Heilige Gees,” en mense sê dan dat hulle nie glo die Heilige Gees is reg nie. Sien? Sien, dis nie vir hulle gemaak nie. Jesus het gesê: “Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie eers trek nie. En almal wat die Vader het” (verlede tyd) “My gegee het sal na My toe kom.” O, is dit nie pragtig nie! “Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom. Niemand van hulle sal verlore gaan nie, behalwe die seun van die verderf, en Ek sal . . . (hy was gebore vir daardie doel), en Ek sal hom weer oprig in die laaste dag.”

91 O, goeiste! daar’s waar ons name geplaas is op die Lam se Boek van die Lewe: vanaf die grondlegging van die wêreld. Is dit nie pragtig nie! Hoe kan ons twyfel?

92 O God, neem die twyfel weg onder ons, besny net ons arme menslike harte tot daar hoegenaamd geen twyfel meer onder ons is nie. Dis my gebed. Rol net elke twyfel weg, Here. Laat my saggeaard, nederig lewe, en wandel soos ’n—soos ’n lam van God op aarde. Laat—laat my wandel soos Hy gewandel het. Laat my praat soos Hy praat. Laat my motiewe wees soos Sy motiewe. Laat—laat my . . . Laat ander Jesus in my vind. Laat my myself verloor en dit vind, Here, in U. Dis reg, laat ek net myself verloor en dit in U vind; net so omhul met Christus tot daar geen plek is vir enige twyfel nie, net wat Hy sê.

93 Nou, moenie hier uitgaan en sê: “Glorie aan God! Halleluja! Prys God! Kan julle sien wat ek kan doen? Glorie aan God!” nie. Jy het Dit nog nie. Dis nie hoe Hy dit gedoen het nie, nee, Sy bors uitsteek en sê: “Sien wat Ek kan doen? Ja, meneer. Ek’s die so- . . .” Nee. Hy het nooit eer geneem vir enigiets nie, Hy het dit aan God gegee en nederig en sag gewandel, met so ’n atmosfeer om Hom dat mense net daarvan gehou het om by Hom te wees. Net Sy vyande . . . En Hy was lief genoeg vir hulle dat Hy konstant, die heeltyd, vir hulle gebid het. En dit was jou voorbeeld, my voorbeeld, om aan ander te doen wat Hy aan ons gedoen het.

94 Nou, ons wil weer hier oplet nou, in die 2de vers, dit wat die 13de sou wees:

> *Ek ken jou werke en—en die plek waar jy woon, waar . . . troon van Satan . . . En jy hou vas aan My Naam en het die geloof in My nie verloën nie, . . .*

95 Sien, hulle woon waar Satan gesetel is, en steeds hou hulle vas aan die Naam van Jesus. Sien: "En nie die geloof in My verloën nie." Watter soort geloof het Hy hulle gegee? Pinkstergeloof, aan die begin. Hulle het 'n Nikolaïete geloof gehad daar, 'n kerkorganisasie, ensovoorts, hulle het opgebou, 'n kerk wat ontstaan het onder organisasie; maar Hy het gesê: "Jy het weggegaan daarvan af, jy het dit gehaat, en Ek ook. En jy het nie My Naam verloën nie; jy het nie agter hulle ou sektes en dingetjies aangegaan nie, jy het net reguit by My Naam gebly. En jy het steeds My geloof soos wat dit aan die begin was." O, ek hou daarvan!

> . . . *die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin* . . . (ek reken jy spreek dit uit A-n-t-i-p-s) . . . *Ántipas My getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon.*

96 Ek gaan daar stop net vir 'n minuut. "Satan se troon." Ons wil soort van oefen met hierdie dinge, ek wil hê julle moet Dit begryp. Maak seker dat julle dit doen, nou. "Satan, troon." Nou, God het gesê in Génesis waar Satan se troon was, en dit was in Babilon. Dit was altyd Satan se troon, en in Openbaring was dit dieselfde ding. Maar, as julle sal oplet, Babilon het homself verander van *heiden* na "pouslik."

97 En nou in die vroeë jare, of net voor dit plaasgevind het ('n paar jaar), het Satan se troon gebou die groot . . . ek reken jy sou hom noem die prie- . . . koning-priester van die Chaldeërs. Die hiërargie van Babilon het sy troon verander toe die Perse hom agtervolg het, en hy het Babilon verlaat. Sy naam was A-t-t-a-l-u-s, Attalus, die groot koning-priester van Babilon. Toe die Perse ingekom en Babilon oorgeneem het, die Chaldeërs verjaag het; het Attalus, hulle koning-priester, gevlug en sy troon ingeneem in Pérgamus. "Die *Satan se troon* is waar jy woon." Begryp dit?

98 Nou, dis hoekom ek teruggaan en hierdie geskiedenis optel uit die kerkgeskiedenis, vind waar . . . tot wat plaasgevind het toe Hy gesê het: "Jy woon waar Satan se troon is."

99 Ek het gedink: "Wel, waar kan dit wees, 'n sekere ding: 'Satan se troon'?" Toe het ek uitgevind dat hierdie groot koning, na hy gevlug het van die seëvierende Perse wat oorgeneem het (volgens Daniël se visioen), het hy gekom by hierdie stad van Pérgamus, by Rome, en daar sy hoofkwartier gemaak. Satan het sy hoofkwartier geskuif van Babilon na Pérgamus, waar (toekoms) hy die Nuwe Babilon sou begin. O, goeiste! Nou kry julle die agtergrond waar ons is. Goed.

100 Nou, en daar het hy hierdie wonderlike broer vermoor, is daar vermoor, Ántipas.

101 Toe sy tegniek verander. Eers was hy 'n vervolger van die Christene. O, hoe het hy Christendom gehaat! En hy was self 'n koning-priester, heiden van natuur en wandel. Toe het hy sy gesindheid verander en gekonsolideer met Konstantyn.

102 Konstantyn was altyd gereken (en word deur die pousdom vandag) as die oorsprong van die Ridders van Columbus, nou, die een wat daardie bloedige eed afgelê het. Maar Konstantyn (ek sê hierdie met eerbied en respek), volgens wat ek kan lees daarvan uit die geskiedenis, was nooit bekeer nie.

103 Nou, hy het 'n droom gedroom een aand, dat as hy. . . hy het 'n kruis gesien, en gesê dat hy volgens dit, die veldslag sou wen; en die. . . omdat hy verligting vir die Christene belowe het, dat hy 'n Christen sou word, as hulle vir hom sou bid om die veldslag te wen. En ek het by die brug gestaan daar, dat waar hy. . . aan die oorkant van hulle brug, geslaap, hierdie droom gedroom; en wakker geword, en 'n wit kruis op die skilde geverf van syne en al sy soldate. En dis waar die Ridders van Columbus gevorm is wat onder die Rooms Katolieke beheer is. Maar hy het nooit een godsdienstige ding gedoen nie; die enigste ding wat hy ooit gedoen het wat opgeteken is in die geskiedenis, wat ek ooit gesien het, was, hy het 'n kruis bo-op die top van die St. Sofia Kerk gesit. (Huh!) Maar hy was 'n politikus, en toe hy die keiser van Rome was in daardie tyd, het hy en hierdie heidense priester, saam, gekonsolideer en die louwarm kerk, naamlik die Nikolaïete, ingebring in daardie tyd. Christendom, wat geleun het na priesterdom, en dit in hulle kerk wou hê, wat ons in toekomstige studies van die kerk van Éfese geneem het, ensovoorts, en—en van Smirna; daardie Nikolaïete.

104 Nou het die Nikolaïete geword 'n. . . nie 'n "werke" soos wat dit was aan die begin *hier* nie, maar *hier* is dit 'n "leer." *Hier* was dit 'n "werke," hulle het net probeer om dit in te kry; maar hier oorkant in die derde kerktydperk het dit 'n "leer" geword, hoëpriesters, groot kêrels. Het hulle nog nie nou pouse genoem nie; maar hulle is genoem, soos, aartsbiskoppe, groot kêrels, julle weet, beroemd. En hulle leer was, was, dit was formeel.

105 Hulle het weggekom van die Gees-vervulde, Heilige Geesgeleide Kerk. Hulle het hulle laat wegkwyn in die minderheid en hulle "ketters" genoem, omdat hulle nie met hulle wou saamstem om hierdie groot denominasies te hê nie. Maar die Kerk wou vry bly onder jurisdiksie, onder die krag van die Heilige Gees soos Christus hulle belowe het; Hy sou met hulle wees, en dit was hulle Koning. O! Hulle Koning!

106 Die ware Kerk het nooit sy gesindheid verander nie, nie om regeer te word deur een of ander raad van—van. . . ek weet nie wat jy hulle noem daarbuite nie, kardinale, en biskoppe,

en pouse, onfeilbares. Ons glo daar's een Onfeilbare, Hy is ons Koning, Hy's Jesus Christus, met ons nou in die vorm van die Heilige Gees; God in ons, wat onder ons woon, ons lei en ons rig na die waters van die Lewe, Homself bekend maak; wat wys, soos Hy het onder daardie vroeë heiliges en martelare, dat Hy die Here God van die skepping was, wat die siekes genees, die dooies opwek, visioene wys, duiwels uitdryf.

107 Nie een keer kan ek ooit een ding optel, van al die biskoppe van die Nikolaïetiese kerk wat die hiërargie van Rome gevorm het, die pous; nie een keer in die geskiedenis het ons 'n verslag van enige van daardie biskoppe wat ooit die dooies opgewek het, of enige so-iets nie, want Christus (die opstanding) was nie in hulle harte nie. Hulle het gekonsolideer en afgegaan vir 'n denominasie, hulle geboorteregte uitverkoop. Maar die Kerk van die Lewende God het die krag van Christus gehad, die ander kerk het die hooggeplaastes daarin gehad; maar die ware Kerk het by die Gees gebly. Verstaan julle? Goed.

108 Nou hierdie . . . So Konstantyn, om sy ryk saam te smelt, hier is wat hy gedoen het. Hy het daardie Nikolaïete geneem, en na hulle toe gegaan (wat 'n vorm van Christendom was). Verstaan julle dit duidelik? Hulle was Christene, sogenaamd; belydende Christene, sonder die Heilige Gees. O, ek wens dit sink in sodat julle dit nooit sal laat weggaan nie. Sien? Dit was Christene, denominasionele Christene, sonder die Heilige Gees. Hulle was Christen in naam, hulle was Christen deur hulle vergadering, hulle het nagmaal geneem, en hulle het die ordes onderhou; maar, die leierskap van die Heilige Gees verwerp. Hulle het geen tekens en wonders onder hulle gehad nie, hulle het gesê daardie dinge was in die verlede; dat hulle 'n kerk moes opstel vir 'n heerskappy. Ons sal binne 'n minuut daarop ingaan, watter soort heerskappy. Sien?

109 Nou, so toe moes die Heilige Gees Kerk Ditself weghou van sulke dinge. Maar, in Pérgamus, is dit alles gerig aan die *engel* van die kerk van Pérgamus. Sien? Want Dit was nou sy verantwoordelikheid om dit te doen.

110 Maar Konstantyn was nie geïnteresseerd in Christendom nie, hy wou sy heidenvoorouers inbring, sy heidense kerk. En die Laodicése wat wortel geskiet het en . . . of die Nikolaïete wat wortel geskiet het en gevestig het in Rome en 'n groot vertoon gemaak het, en baie van die mense was Christengelowiges (sogenaamd), formeel. En die ware Kerk was in die minderheid; was altyd en was altyd gewees! Ek gaan net 'n minuut wag, dit baie diep laat insink. Sien?

111 Onthou, die ware Kerk was altyd die baie klein groepie wat uitgestoot is uit die ander kerke. Die ware Kerk is nooit georganiseer nie, want dis nie 'n organisme nie, dit is die mistieke Liggaam van Jesus Christus wat op die aarde woon, die Heilige

Gees wat in hierdie lidmate beweeg. So jy kan Christus nie organiseer nie, jy kan dit nie doen nie. Ek wil hê julle moet daaraan vashou vir daardie Laodicése Tydperk, nou. En onthou dit en hou dit, want elke Woord wat ek praat, is op hierdie bandopname. En onthou nou, hou dit in gedagte: God se ware Kerk is nooit georganiseer nie.

112 Die Katolieke kerk is die eerste organisasie wat ooit bekend is in die wêreld, nooit tevore was daar ooit 'n organisasie nie, en dit—dit is die "moederkerk" soos wat die Katolieke sê dit is. Dit is die "moederkerk." Moeder van organisasiekerke. Die Bybel het gesê sy was, so julle kan Dit nie betwis nie. Wanneer hulle sê "Dis die moederkerk," is dit die moederkerk. Sy word getoon in Openbaring 17, ons gaan binnekort by haar uitkom. Goed.

113 Nou, so Konstantyn, met dit in sy gedagte om sy ryk te versterk (soos Rome altyd het, om die sleutels tot die wêreld te hê), moes hy sy heidense idees bring en die Christen-idees neem, en hulle op 'n manier saam konsolideer, om dit saam te smelt en vir homself 'n ryk te maak wat vir niemand sou terugstaan nie. Sien? Omdat hy was . . . Dit sou hom nog die grootste heerser in die wêreld maak, Konstantyn.

114 Sover dit bekering betref het: hy was—hy was 'n politikus, maar nie 'n heilige van God, soos sommige van hulle hom probeer maak nie. Hy was nie! Nooit het hy ooit een ding gedoen wat selfs geklink het na Christelikheid vir my nie. So, op een van die Nikolaïetiese kerke het hy 'n kruis gesit; en sover dit enigiets anders betref wat hy ooit gedoen het, wat na Christelikheid gelyk het, ek het dit nooit gesien nie; behalwe as hy . . . daardie aand wat hy hulle op sy skilde geverf het daar omdat hy 'n droom gehad het, die Christene vir hom gebid het dat hy die veldslag sou wen.

115 Nou, dan sou dit sy ryk versterk. En toe, om dit te doen, het hy heidense seremonies ingebring, oor in die Nikolaïetiese Christenkerk in. Ek sal dit die formele denominasionele kerk noem, wat gevorm is. Hy het heidense seremonies oorgebring in hierdie Nikolaïetiese kerk in, en dit was die geboorte van Katolisisme.

116 Nou, broer, ek haal geskiedenis aan. Ek het duisende Katolieke vriende, en hulle is net sulke vriende as wat Protestante is. Maar Protestante kan nie skree nie, wag net tot vanaand verby is, sien. Sien? Julle gaan sien hulle het presies dieselfde ding gedoen. Pot kan nie die ketel "vetterig" noem nie. Sien, want dis—dis net dieselfde ding, dieselfde gees het reg onder hulle ingekom. En dan gaan julle sien hoekom ek altyd daardie ding veroordeel. Omdat dit verkeerd is! Die einste Gees in my, as ek probeer, en iets in my roep uit, ek kan net nie stibly daaroor nie, het altyd. Hulle noem . . .

117 Groot manne, groot godsdienstige leiers het vir my gesê: "Jy sal jou bediening ruïneer. Broer Branham, jy doen dinge," gesê: "dis—dis nie jou besigheid nie. God het jou geroep om vir die siekes te bid."

118 God het my geroep om meer te doen as vir die siekes te bid. Die siekes is net een ding dat ek die aandag van die mense kan trek, en dis al; siekes, bid vir die siekes is 'n kleiner ding. Sien? Die *Boodskap* is waarvan ons praat. Daardie dinge gaan terug; siek, 'n man, siek man kan genees word en weer sterf. Maar 'n man wat gebore is uit die Gees van God, het Ewige Lewe. So, God gaan nie net rond en genees die siekes soos daardie nie. Daardie gawe is reg in die kerk vir die plaaslike liggaam; op een, dan die ander een, en dan die ander een, dan die ander een. Sien? Daardie, gawes, gaan net deur die kerk. Maar dis meer as dit, en ek hoop julle begryp Dit. Goed.

119 Die geboorte van Katolisisme, om dit te kon doen, om die—die oë te vang van die Christene en ook die oë van die heidene, om hulle saam te smelt en een kerk te maak.

120 O, ek wens ek het dit net nou gehad, 'n stukkie papier wat iemand nou die aand hierbo neergesit het. Ek sou dit gebring het, en ek het dit vergeet; soveel goed wat rondlê in die kamer daar. Hulle doen presies dieselfde ding nou, en julle het dit begin toe julle die laaste man verkies het wat julle verkies het. Hulle werk nou om selfs 'n Bybel te kry wat nie die Katoliek, of die Jood, of die Protestant sal skaad nie. Hulle gaan vir hulle 'n Bybel maak wat die hele ding sal pas. Kan julle nie die geslepenheid van nog 'n Konstantyn sien nie? Geskiedenis wat net homself herhaal. Nou, julle sien, ek het die. . .Julle het my dit hoor lees nou die aand, het julle nie? En ek—ek het dit wat daar by die huis lê, en hulle werk al daaraan vir 'n lang tyd.

121 Nou sê hulle: "In '62 sal hulle. . ." En let op daardie Pous Johannes XXII het ingekom i-. . .het al die klein dogterkerke om terug te kom huis toe na die moederkerk. Moenie bekommerd wees nie, sy sal. Hulle sal! Sy gaan, hulle is alreeds terug. Hulle hoef nie terug te gaan nie, hulle is nou alreeds daar.

122 Soos ek gesê het: "Hierdie land het gesê: 'Wel, as Mnr. Kennedy verkies word, sal die Katolieke oorneem.'" Oorneem? Hulle het dit lank gelede alreeds gedoen, en julle het niks daarvan geweet nie. Wie betaal hulle onderwysers? Hoe kry hulle dit reg dat hierdie dinge na hulle skole toe gaan, en Katolisisme reg in die skole onderrig? En julle belastingbetalers betaal daarvoor. O, reg onder jou neus, sien, soos daardie. O, goeiste, hoe hy gewerk het! En die Bybel het gesê hy sou dit deur vleitaal neem, en hy het; sien, dis reg; sien, betaal belasting op niks. So, o, daar is soveel wat hier gesê kan word. Ek sal net moet afsny van daardie dele, en weer teruggaan om op te tel.

123 Om hierdie ding sover te kry om te werk, het Konstantyn 'n hele klomp wêreldse vermaak opgestel om die aandag van beide heiden en Christen in die kerk te trek. Is julle geestelik gesind? Dink julle? Is dit nie die Boodskap van die Uur nie? Die kerk het bunkospeletjies, partytjies, weggee motors, en net om hulle te vermeng. Smelt daardie krag weer saam sodat hulle 'n plek kan kry om te tref. Net reg hier.

124 Nou, dis geskiedenis, iemand wat geen—geen appeltjie te skil het nie, hulle haal net aan wat gebeur het. Maar hy het dit gedoen, die kerk saamgesmelt deur wêreldse vermaak te hê, om die Nikolaïetiese kerk te verenig. Onthou nou, hy kon nie daardie wedergebore Kerk aanraak nie. Nee, meneer, nie enige van hulle nie. Maar die formele Nikolaïetiese kerk het daarvoor geval.

125 En wat het ons in ons Protestante kerke? Sop-aandetes, vermaak, skaats, (O, goeiste!) lapverkopings, en al dies meer, sien. Nou, julle weet dis die waarheid. Wel, nou, as dit—as dit God se Woord is, vriende, is dit die Waarheid. En alle Protestante kerke is skuldig! Sien?

126 Nou, was nooit God se plan om—om sop-aandetes en danse in die kelders te hê, en al daardie aanganery, om die pastoor te betaal en dinge nie. As mense net geleer is om hulle tiendes te betaal, sou dit die einde daarvan wees. Dis God se plan. Maar God het 'n plan, maar die mens wil sy eie plan maak, deur God se plan te verbaster. Goed.

127 Nou, deur dit te doen, het hulle gekonsolideer en gemaak die vroeë. . . die vroeë Katolieke kerk gevorm, later. Toe by die eerste groot Niceense Raad. . . Toe ek dit gelees het, het ek net op my knieë geval. Die groot Niceense Raad het plaasgevind in 325 nC., hulle almal is bymekaar gebring, die biskoppe en vaders van die Christengeloof is bymekaar gebring by Nicaea. Dis hoekom dit die Nicaea Raad genoem word, in 325 nC. En omtrent vyftienhonderd afgevaardigdes het gekom na die—die—die konvensie, of die raad, omtrent vyftienhonderd afgevaardigdes, en die lekedom was meer as die biskoppe met vyf teen een (in die afvaardiging); maar tog, deur die Nikolaïete (die koue formeles) en Konstantyn se politieke plan, het hulle die ware Kerk uitgestem en die oorwinning behaal, en biskoppe ingebring en heilige orde van manne; die—die Heilige Gees uit die diens uitgehaal, en dit op biskoppe, kardinale, en pouse, ensovoorts geplaas.

128 Dieselfde skelm transaksie wat die Demokratiese party gedoen het in hierdie afgelope ding! Nou, dis reg. Nou, ons is nie. . . Ek sou. . . En die Republikeine sal net so laag daal. Maar ek praat van een ding wat hulle bewys het (Edgar Hoover) in Kalifornië, en baie ander plekke: hulle het daardie stemmasjiene geplaas gehad dat waar jy sou stem vir Mnr. Nixon, moes jy terselfdertyd vir—vir Kennedy stem. Hy het nie 'n kans gehad

nie. Wel, noudat hulle dit “verkeerd” bewys het, hoekom doen hulle dan nie iets daaraan nie? Ons lewe in die uur, dis reg, ons is aan die endtyd. Hulle weet dit, hulle het bewys dat hulle skelm was, en nou wil hulle niks daaraan doen nie.

129 Dit was ’n skelm spul destyds daar, en hier’s die geboorte daarvan weer: om ’n sekere man in te kry, om ’n sekere leer oor te bring; Nikolaïete leer, wat eenmaal net ’n—’n *werke* was, maar nou het dit ’n “leer” geword. Die dae van Al Smith was dit ’n *werke*, maar nou is dit ’n “leer.” Uh-huh, uh-huh. Nou is dit hier, dis op ons. “O, hy sal ’n spoggerige president wees,” daar’s geen twyfel daaroor in my gemoed nie; sekerlik, vir daardie volgende termyn, totdat hy kan saamsmelt, hierdie heiden en Christenformeles kan laat saamsmelt.

130 Hulle werk aan Bybels, om dit bymekaar te probeer bring, die pouse, die kardinale. Die aartsbiskop van Engeland, die aartsbiskop van Kantelberg, ek het hom ontmoet, handgeskud met hom, self met hom gepraat, toe ek in Engeland was; kouse reg op tot amper by sy heupe, en (O!) soort van ’n snaaks geklede kêrel. Maar hy het oorgegaan om die pous te besoek, die eerste keer wat hulle besoek vir honderde jare. Wat is dit? Ons is by die laaste uur!

131 Dis hoekom ek hier staan vanaand in plaas van hierbuite op die platform elders om te probeer preek en bid vir die siekes. En ek kan hulle nie almal op die platforms ontmoet nie (hierdie boodskappe oor en oor), en dis waarom ons Dit op band opneem en Dit na die wêreld stuur, hulle gewaarsku mag word en terugkom na die Geloof.

132 Selfs by die laaste van die Christentydperk, Judas, voor die Boek van Openbaring geskryf is; Judas, veronderstel om die broer (pleegbroer) van Jesus te wees, het gesê: “Ek wil hê julle moet kragtig stry vir die Geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges.” Hulle het begin wegkom daarvan, na die dood van die Here Jesus. En nou, hoe ver is dit weg vanaand? Sien.

133 Nou, hierdie eerste Niceense Raad, en dit was in 330 nC. . . . 325. Omtrent vyftienhonderd afgevaardigdes en biskoppe het die diens bygewoon, maar hulle het hulle oorheers, in ’n mistige, stormagtige raad was dit. En hulle het hulle oorheers, en ingestem dat die Nikolaïete oorgeneem het, en dit moes neem die. . . die hele kerk, en dit onder ’n toesig van pouse of—of biskoppe, of iets sou plaas; die krag uit die Kerk neem en dit oorgee aan biskoppe, dat die biskoppe die kerk moes regeer en die enigste een van enigiets Daaroor te sê gehad het.

134 Het julle opgelet in die Katolieke kerk vandag? “Jy kan nie daardie Bybel lees nie, dis nie vir jou om uit te lê nie. Dis die biskop.” Sien waar dit vandaan gekom het? Nou kan julle sien wat die Nikolaïete regtig was, voordat dit begin skree en kruip

het. Dit is net daar gebore. Dis waar. En dit was 'n vorm van Christendom; is steeds!

135 En toe het die Protestante reg agter dit aan getipeer. Die Bybel, In Openbaring 17, het gesê: "Die moeder en die dogters." Ons sal later daarby uitkom, as die Here wil. Nou sal julle oplet dis dieselfde vandag, hulle het oorgeneem. Nou, Konstantyn het Bileam se strategie gebruik.

136 Nou, ek wil hê julle moet so goed probeer luister as wat julle kan. Nou, Hy het hier gesê, in die Bybel hier: "Hou vas aan My geloof." Nou:

> *. . .het enkele dinge teen jou, dat jy daar. . .jy. . .dat jy daar mense het. . .*(nie hierdie *hier* nie, maar *daar*; julle het *mense*: "jy het mense in die—in die Pérgamus kerk," sien)*. . .wat vashou aan die leer—die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.*

137 Nou, Konstantyn het dieselfde strategie gebruik wat Bileam het. Hulle het 'n vergadering gehad na hierdie raadsvergadering hier dat die biskoppe oor die kerke geplaas is, ensovoorts, om dit te regeer, en die mag oor te neem van die lekedom: "En hulle het geen denke van hulle eie gehad nie, en hulle het ook geen reg gehad om die Skrifte uit te lê nie." En dat dit alles vir die priesters was, moes die uitleg van die Skrifte doen.

138 Uiteindelik, naderhand, het hulle 'n *opper*priester gemaak, en hulle. . .'n vikaris, wat die pous was. Maar nou het hulle die punt bereik waar hulle dit geplaas het: "al die—die begrip behoort aan die priester, en die gemeente hoef nie die Bybel te lees nie, hulle hoef niks te doen nie;" en, eintlik, hulle. . . die Bybel word van hulle weggehou. En nou het hulle—hulle dit alles op hulleself geneem en dit is ingestem vir ons, want dit het goed gelyk.

139 Dit het goed gelyk, want hulle was ryk, ensovoorts, en gegee het die. . .By hierdie groot vergadering, toe hy byeengeroep het, Konstantyn het die biskoppe mooi geboue gegee; hy het 'n bietjie geld in die hande gekry en—en al hierdie groot plekke van groot. . .soos geboue, hy het diegene oorgegee aan die kerk, dat hulle hulle kon gebruik as—as kerktuistes. O, dit was mooi geboue, mooi versier, ensovoorts, so hy het hulle aan die kerk oorgegee.

140 Behalwe dit, het hy hierdie biskoppe geklee met yslike groot mantels, en die onderklere en dinge onder hulle. En behalwe dit, het hy hulle gesit bo-op 'n. . .of 'n hoë plek soos hierdie gebou, en hulle daar bo-op gesit soos 'n afgod. En onder hulle het hy marmer altare gemaak, onder hulle. En hy het al hierdie gedoen om te verander, vanaf die heidense idee, na, en Christendom daarin in te bring deur hulle biskop te neem. Sien, hulle het

net die afgod afgehaal en die biskop opgestel. Sien, vir hom ’n altaar gemaak, dieselfde ding, en hom ’n god gemaak. Die biskop daarbo geplaas, en hy het al die sê gehad, hom baie mooi aangetrek en hom laat lyk soos ’n god. In plaas van hom te plaas soos hulle heidense gode, het hulle vir hom ’n kleed aangetrek soos wat Jesus gedra het. Sien? En hulle het hom net so laat lyk soos ’n afgod wat daar sit.

141 O, julle kan julle voorstel wat die heiden gesê het: “Wel, ek kan dit aanvaar, daar’s iemand wat kan terugpraat met ons. Ons het gepraat met ’n afgod, maar hierdie man kan terugpraat met ons.”

142 Hoe die Christene gedink het: “Wel, dis net goed. Nou kan ons enigiets doen wat ons wil, want daar is ons god. Ons kan net . . . Ons kan met hom praat, hy kan vir ons terugantwoord wat om te doen. As ons sondig, sal ons hom daarvan vertel, hom ’n ietsie gee, en ’n klein . . . ’n klein noveen of iets doen; en die eerste ding waarvan jy weet, is ons reg, en gaan weer uit en voel weer vry. Hoef oor niks bekommerd te wees nie.”

143 “O, dit het goed gelyk.” Sekerlik! Dit lyk steeds goed vir die vleeslike verstand, maar jy sal dit nooit in ’n wedergebore kind van God se keel afdruk nie. Hulle was nog nooit in staat om dit te doen nie. Want hy weet in Wie hy geglo het en is oortuig dat Hy mag het om dit wat aan Hom toevertrou is, te bewaar tot díe dag. En deur die dinge te vergeet wat agter is, druk ons deur na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping in Christus. Amen! O, hoe dankbaar is ek!

144 Marmer altaar onder hom, wat hierbo sit, welgeklee, ’n mooi kerk. O, goeiste, hulle was goed ingerig. Goed. En hierdie altaar is bedek, hierdie marmer altaar, pragtig. Julle moet hulle nou sien, dieselfde ding. Bedek met goud, en ingelê met edelstene, juwele in hierdie altaar. Pragtig! Dit was baie gepas vir die Nikolaïete en vir die heidene. Sien wat hy gedoen het? Hy het die heidense seremonies geneem, die heidense idees; en Christendom geneem, die koue formeles wat nie beter geweet het nie, nie die Heilige Gees gehad het om hulle anders te lei nie; en vir hulle ’n god hier op die aarde gemaak, en vir hulle ’n altaar gemaak, en ’n god om daar te sit en hulle sondes te vergewe. Is julle geestelik? Verstaan julle wat ek bedoel? Sien wat dit is? ’n Sonde-aangee vergifnis op aarde.

145 Ek haal dit nie aan uit my verstand nie, dis die geskiedenis. Vir julle ’n bladsy en nommer van die heilige geskiedenis gee, net dieselfde as wat ek vir julle kan sê van George Washington, en Abraham Lincoln, en die Slag van Gettysburg, ensovoorts. Sekerlik, al daardie dinge is geskiedenis wat ek hier aanhaal.

146 Nou, dan was dit baie gepas om . . . nie vir hierdie wedergebore Kerk nie. Nee, meneer! Wel, as hulle nou ’n man daarbo plaas, om ’n hoofbiskop te wees, om seremonies te

herhaal, sal dit natuurlik die Volle Evangelie reguit daaruit laat hardloop. Dit is vandag steeds so. Daardie tydperke word net oorgedra, het net oorvleuel, sien; 'n ander vorm, 'n ander dag. O, toe hulle 'n hooggeplaaste daarbo geplaas het soos 'n god, en hy het 'n paar seremonies opgesê.

147 En let op dat die heidene gebid het tot hulle dooie voorvaders. En 'n Protestante kerk wat sou opstaan en sê: "Ek glo in die Heilige Rooms Katolieke Kerk en die gemeenskap van die heiliges." Verberg julle gesigte julle Metodiste, Presbiteriane, en Lutherane. Enigiets wat voorspraak maak by die dooies, is spiritualisme! Sekerlik. Maar, nou, die Protestante kan nie lag vir die Katoliek nie, hy doen dieselfde ding, maak hierdie algenoegsame belydenis dat hy dieselfde ding glo; reguit teruggedoop in die Katolieke kerk deur sy waterdoop, wat mense verwerp en bespot wat reg probeer lewe; kerk toe gaan en mense sien uitroep onder die krag van God, en buitekant staan en Daarmee spot. Goed.

148 Sien, geeste sterf nie; mense wel, maar nie geeste nie. Sien? Die Heilige Gees, Dit kan nie sterf nie. Dit was op Jesus, nou is Dit in Sy Kerk; sal altyd wees totdat Hy kom *vir* Sy Kerk, want Dit is deel van Hom. Sien? Deur vervolgings het hulle—hulle bespot destyds daar in daardie dag, hulle lewe steeds hier vandag. God neem Sy man, maar nie Sy Gees van die aarde af nie. Die duiwel neem sy man, maar nooit die gees uit die aarde nie.

149 Daardie priesters wat Jesus se dood beveel het, wat gesê het Hy was 'n "fortuinverteller," of 'n "duiwel," daardie kêrels was so godsdienstig soos godsdienstig kon wees. Dis reg. Hulle het daardie Skrif volgens die letter geken, maar hulle het nie die ware uitleg Daarvan geken nie. Hulle het hulle eie idee gehad, en hulle wou na niks anders luister nie. En toe het hulle Hom gesien en weet. . . Hoe kon hulle nie sien dat Jesus gekwalifiseer het vir alles wat elke profeet ooit van Hom gesê het nie? Maar hulle was blind. En God het gesê Hy het hulle oë verblind vir 'n doel, dat ons 'n kans op verlossing mag hê.

150 Nou het die Bybel weer voorspel dat Hy sal. . . dat ons in hierdie Pinkstertydperk is, "nakend, beklaenswaardig, blind is, en dit nie weet nie." Daar's die toestand van die kerk, Filadelfia. O, julle formele Baptiste, Presbiteriane, en Pinksters! Sien, daar het julle dit. Partykeer bedoel ek dit nie aan julle wat hier sit nie; ek's op 'n bandopname, julle sien, en ek weet waarnatoe dit gaan. Sien? Bely! Gaan terug na die Bybel! Gaan terug na Christus!

151 Goed, maar dis wat plaasgevind het, die Volle Evangelie is uitgedruk. Die tekens en wonders in die kerk is verban, en toe die Heilige Gees groep geëkskommuniseer is onder die ander uit, toe het hulle ontken daar was 'n dag van so-iets. En dit was by daardie. . . En hulle doen dieselfde ding vandag! Dis presies. Kan julle die gees daarvan sien? Soos ek julle gesê het, die begin,

skakel jou geestelike denke aan, laat God jou hart oopmaak. Moenie bevooroordeeld wees nie, sit en luister; sê: "Heilige Gees, openbaar aan my. Ek sien dit, daar is dit."

152 Seremonies. Waar? Baptiste, Presbiteriane, selfs Pinksters, net 'n godsdienstige seremonie geword. Een ding wat hulle doen, is slaan op 'n klavier, iets dergliks, spring 'n tydjie op-en-af; en sodra die klavier gestop het: Blaas! Gaan uit, verneuk, steel, lieg, al dies meer. Maar die ware . . . En genoeg humeur om met 'n kragsaag te kompeteer, praat van almal en alles. Sien? Daar het julle dit. Nie net Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Katoliek nie, maar Pinksterkerk in die Laodicése tydperk hier.

153 O, waarom gaan julle nie terug na dit wat julle voorvaders gehad het nie? Hoekom kom ons nie terug na die regte pinkster wat reinig en vul met die Heilige Gees, wat Christus na ons toe bring nie? Dis wat ons nodig het. Goed. Nou, selfde vandag!

154 Nou, die woord *Pérgamus* beteken "getroud." Die einste woord *Pérgamus* beteken "getroud." Christendom (dit is die Nikolaïetiese kant, die formele kant) getroud met die staat, met heidense seremonies. Heidense seremonies! En dit was die geboorte van die Katolieke kerk in daardie dag.

155 Nou, enigiemand weet dat die Katolieke kerk ontstaan het by die Niceense Raad. Voor dit, is dit 'n "Nikolaïetiese" genoem deur God; wat beteken *Nicko—Nicko*, "om te verslaan," die lekedom te oorwin of omver te werp. En toe hulle dit gedoen het, wou hulle nie die Gees onder die mense hê nie; en *pastore,* wat "herders" beteken, om die Heilige Gees te laat lei . . .

156 Jy sê: "Wel, kan die priester nie 'n herder wees nie?" Watter soort voedsel voer hy jou? Kry jy dieselfde resultate wat hulle gehad het, die Dag van Pinkster? Beslis nie! "Gegroet Maria," wie het dit ooit gesien by Pinkster? Novene, al hierdie besprinkeling, uitgieting, 'n drie-enige God ("Vader, Seun, Heilige Gees") gebruik, waar kry jy dit ooit by Pinkster? Jesus het gesê: "Laat die huis van Israel verseker weet, God het hierdie selfde Jesus, wat julle gekruisig het, beide Here en Christus gemaak." Dis reg. Waar kry ons daardie goed? Dis 'n Nikolaïetiese van die begin af, en gevorm tot in Katolisisme.

157 Nou julle sê: "Wel, ek is beslis bly ek is nie onder hulle nie." Nou, moet net nie te seker wees nie. Sien? Nou onthou: Christendom, Nikolaïet. Verstaan julle nou die storie? Luister goed voordat ons verder gaan. Ek wil hê julle moet dit verstaan al bly ons hier tot middernag. So, uh-hum . . . so die . . . want, broer, dis jou siel! Jy kan sê: "Wel, ek behoort aan . . ." Dit is nie—dit is nie Dit nie. As jy nie die Heilige Gees het nie, broer, ek gee nie om aan hoeveel kerke jy behoort nie, jy's verlore. As jy nie wedergebore is uit die Gees van God, deur die doop van die Heilige Gees nie, is jy verlore; want jy het nie Ewige Lewe nie,

en Ewige Lewe is die enigste ding wat God sal opwek, want Dis die enigste lewe wat oor is.

158 As 'n mieliepit. . . soos ek hier aangehaal het, die Landbou Uur. Hoeveel onthou ou Broer Spurgeon, die Metodiste prediker bo by Henryville? 'n Wonderlike ou karakter. Ons het gesit by die roomysfontein by Red Furnish, eendag, en roomys eet; en ons het gepraat van 'n byeenkoms wat ek daarbo gehad het, en die Landbou Uur was aan. En Red het die—die klein luidsprekertjie aangehad, en van die. . . van sy radio wat daarbuite gestaan het. En iewers het hulle gepraat. . . natuurlik het die boodskap van Louisville af gekom. Maar die 4-H Klub het—het 'n masjien gekry wat 'n miliepit kon maak waar hulle die kalsium kon plaas, en die petroleums, en alles in die mielie, en dit laat lyk presies asof dit gemaak was van. . .

159 Die 4-H het dit gehad, die wetenskap het dit vervolmaak, dat die mielies so eg gelyk het, dat jy 'n handvol uit die sak kon haal wat in die veld gekweek was, handvol uit die sak wat die masjien gemaak het, en dit hier oorkant (wat die masjien gemaak het) sou dieselfde soort mielievlokkies maak, mieliebrood. En in der waarheid kon jy hulle na die laboratorium toe afvat en hulle uitmekaar uit sny, die pitte, en jy kon hulle nie van mekaar onderskei nie. Het dieselfde hoeveelheid petroleum gehad, dieselfde—dieselfde hoeveelheid kalsium, en—en vog; alles wat in een pit ingegaan het, dit was in die ander.

160 Hy het gesê: "Die enigste definitiewe manier om te weet watter een is in die veld gekweek, en watter een gemaak is deur die masjien: begrawe albei handevol. En hulle albei verrot, en die een wat deur die masjien gemaak is, sal nie weer opkom nie; maar die een wat God laat groei het, het weer gelewe." Hoekom? Omdat dit nie bevrug was nie.

161 En jy mag soos 'n Christen lyk, soos 'n Christen optree, en elke goeie daad doen wat jy kan doen, en getrou aan jou kerk lewe; maar as jy nie bevrug is met die Heilige Gees, die Lewe van God, Ewige Lewe wat in jou inkom nie; nie deur belydenis nie, maar deur 'n *gawe* van die Heilige Gees. Hoe kry jy Dit? Die dokter het gesê, op die Dag van Pinkster, wat die voorskrif uitgeskryf het: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Die gawe van die Heilige Gees, wat Ewige Lewe is. Dis die enigste ding wat God sal opwek. Dis die enigste ding wat Lewe het wat Hy kán oprig. Sien? Dis die enigste ding wat kan gaan. Ek hoop dis duidelik. God skenk dat dit duidelik is.

162 Nou, die Nokalaïete het dan die formele kant gehad, en hulle het getrou met die heidense kerk; wat heidense altare ingebring het, Christen-altare gemaak het; 'n heidense god ingebring het, en dit laat spreek en praat het, in die vorm van 'n biskop. Daarbo

gesit, dit geklee en dit laat lyk soos 'n god. Julle sien? Dis nie wat aan die buitekant is nie, dis wat aan die binnekant is. Daardie twee mieliepitte het dieselfde gelyk; dit was nie wat aan die buitekant was nie, dit was wat aan die binnekant was. Sien, die binnekant, die Lewe. Wel, dit was daar gemaak, en dit was die geboorteplek van die vroeë Katolieke kerk, was die moeder van alle kerkdenominasies.

163 Nou sê julle: "Wel, ek. . . Broer Branham, solank ek dan nie Katoliek is nie."

164 Nou, net 'n oomblik, laat ons net hier 'n sekonde stop, langs die pad. En laat ons—ons nou blaai na Openbaring, 17de hoofstuk, net 'n minuut. Het net reguit soontoe geblaai. Nou, hierdie is die openbaring van wat? Jesus Christus, aan Sy kerke. Soos ek lees, luister goed:

> En *een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê. . . Kom* hier, en *ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters* gesit het,

165 Nou, sodat ek 'n getuie kan hê, hoeveel weet dat 'n *vrou* in die Bybel, elke keer wat dit in 'n simbool gegee is, die "kerk" beteken? Goed. Hoeveel weet dat die groot "hoer," reg hier in dieselfde hoofstuk, die "stad wat op sewe heuwels sit" is? Goed.

166 En nou, hoeveel weet dat die Bybel gesê het die "waters"? Hier het sy gesit op "baie waters"; nie *'n water* nie, maar "waters." En *waters* beteken die "mense." Wel, kry die 15de hoofstuk, julle kan hier sien, sien, die 15de vers, sien:

> *En Hy* het *vir my* gesê*: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is* mense. . . *menigtes*. . . *nasies en tale*. (Sien? Sien?)

167 Nou, hierdie vrou was 'n afvallige. Was sy nie? Nou hierdie is onderrigting, so jy moet jou gewete nou agter jou sit. Sien? Wat is daardie vuil vrou wat "hoer" genoem word? Is 'n vrou wat ontrou is aan haar huweliksbelofte. Nou die kerk, die Katolieke kerk, maak aanspraak om die Bruid en die Vrou van Christus te wees. Selfs die nonne sny hulle hare af, en het geen gevoelens nie: "al hulle gevoelens vir Christus." Is dit reg? Sekerlik. Of enigiemand. . .

168 Ek kom uit 'n Katolieke agtergrond, sien. Ek het hulle *Feite Van Ons Geloof,* en hulle boeke; en julle Protestante, en die Baptiste, en wat julle ook al glo; daar in my studeerkamer. So, ek bestudeer dit sodat as enigiemand enigiets sê. "Hokaai!" Ek kan jou reguit terugneem na jou eie woord. Sien? So, die uur het gekom dat Hierdie moet uitgaan.

169 Nou, eerste ding, God moes oor die nasie beweeg, tekens, wonders, en wonderwerke wys, dat die mense sou weet. God se skape ken Sy Stem, hulle weet, hulle weet presies. Jy moet eers

vind... Jy gaan uit sonder om bekend te wees, dan jy net... Wat doen jy? Jy doen hulle meer skade as ooit. Laat dit... jy laat God daarvoor sorg. Sien?

170 "Ek sal vir jou die oordeel van die groot hoer wys." Nou, as sy dit was, dan was sy 'n vrou wat bely het om iets te wees wat... Sy het owerspel gepleeg! Is dit reg? Wel, dan, as dit 'n kerk was, het sy owerspel teen God gepleeg. Is dit reg? Dan owerspel, sou ontugtigheid wees, *geestelike* ontugtighede: sy leer iets aan die mense wat nie God se Woord is nie. Is dit reg? Sy leer iets wat nie waar is nie. Dis die Nikolaïete. Sien dit hier inkom? Gaan rond en plaas pouse, en priesters, en neem die Heilige Gees weg: "Dae van wonderwerke is verby"; en die Bybel het gesê: "Jesus Christus dieselfde gister en tot in ewigheid." Die Bybel het gesê: "Bekeer, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes"; sy sê: "Vader, Seun, en Heilige Gees," besprinkel, gooi oor. O, goeiste! Sien?

171 Goed, kyk wat hierdie vrou gedoen het:

> ...*wie die konings van die aarde* ontug gepleeg het, *en die bewoners van... aarde het dronk geword van die wyn van haar* ontug.

172 "Dronk!" Vermoor jou, maak jou dood, skiet jou, of enigiets anders, broer. Hulle is absoluut dronk van daardie goed. Sien?

173 "Die wyn." Dis wat sy uitgee, sien, haar wyn van haar ontug. "Laat ek vir jou iets vertel! My ma was Katoliek, en ek sal..." Goed.

174 Nou sê jy: "Dis verskriklik." Nou net 'n oomblik, Protestante. Huh! (Ek praat met diegene op die bandopnames, sien.)

> *En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het gesien—ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlaken rooi dier,...*

175 Nou, waarna verwys die woord *skarlaken*? Dit verwys na "koninklik." Beteken... Ek bedoel, beteken: "koninklik, getrou koninklik," sien, soos konings ensovoorts.

> ...*vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.*

176 Nou, die sewe *koppe* is die sewe "berge" waarop die stad geleë is. En hierdie vrou is die stad, weet ons.

> *En die vrou was gekleed met purper...*

177 "Die vrou." Die dier was *skarlaken*, maar die vrou was bekleed met *purper*. Nou, het ek julle nie nou die dag gewaarsku, daar's drie gordyne nie? Ek weet nie hoe lank ek sal lewe nie, maar onthou dit. Soos ek julle jare gelede gesê het: "hou Rusland dop." Daar's drie gordyne, onthou dit. Daar is die *yster*gordyn. Daar is die *bamboes*gordyn (Rooi China en *sovoorts)*. En daar is

die purpergordyn, hou julle *daardie* gordyn dop, *dis* die bedrieër. Soveel. . .

> . . .*die vrou was beklee met purper*. . .*skarlaken* kleure. . .*versierd met goud*. . .*kosbare stene en pêrels,*. . .(Onthou toe ek hier vroeër gepraat het wat die eerste altaar van die Nikolaïete was? Sien? *Vrou* wat die "kerk" was.). . .*het in haar hand 'n goue beker gehad*. . .(Onthou julle? Die goud oor die altaar getrek; beker, wat sy vir die mense gegee het.). . .*vol gruwels* van *die onreinheid van haar* ontugtigheid;

178 Dis wat sy vir die mense gee; hulle sluk dit. Sekerlik. Dronk daarvan! Net dronk! Al daardie klomp Iere, en Franse, ensovoorts, sal jou keel afsny as jy een ding teen daardie kerk sê. Sekerlik, hulle sal. Sien?

> *En op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: VERBORGENHEID, BABILON*. . .

179 Nou, waarvandaan het Babilon beweeg? Vanaf Babilon op na Pérgamus, en geword. . .Satan wat sy troon verskuif het. O, ek wens ons kon deur die hele Openbaring gaan, sodat julle dit kon sien.

> . . .*DIE GROOT BABILON, DIE MOEDER VAN DIE HOERE*. . .*'N MOEDER VAN DIE HOERE EN GRUWELS VAN DIE AARDE.*

180 Wat was sy? 'n Moeder van hoere. Daardie was nie seuns nie. Was hulle?

181 [Leë kol op band—Red.]. . .hulle kerk. Ja, meneer. Gesê: "Word die kerk nie genoem in die Bybel: 'Babilon' nie?" Sien, in hulle eie boek. Goed.

182 Nou, as sy 'n prostituut was, 'n hoer [Eng. "whore."—Vert.], en sy was die moeder van hoere, [Eng. "harlots."—Vert.] moes sy dogters gehad het. En as hulle dogters was, was hulle meisies, hulle was kerke. Nou waarvandaan het die Protestante kerk gekom? Is dit reg? Wat is die verskil tussen 'n—'n hoer [whore] en 'n hoer [harlot]? Dieselfde ding.

183 Martin Luther het uitgekom, om te vertak, om die ware Kerk 'n kans te gee; Wesley; tot in Pinkster; en elkeen van hulle het reguit teruggegaan na daardie Nikolaïetiese idee van organisering, met algemene opsieners, en al die res, en weer reguit teruggegaan met dieselfde doop waarmee hulle gedoop is, dieselfde vorm, dieselfde seremonies, selfs baie van hulle met dieselfde kategismes en '*gegroet Maria.*' Nie *Gegroet Maria's* nie, maar. . .Wat is hierdie wat omtrent dieselfde ding is? Daardie *Apostoliese Geloofsbelydenis*. Wys vir my die Apostoliese Geloofsbelydenis in die Bybel, broer. As—as hulle 'n geloofsbelydenis gehad het, is dit Handelinge 2:38, dis wat hulle almal beveel het om te doen. Waar het julle ooit 'n apostel 'n

geloofsbelydenis hoor maak, te sê: "Ek glo in die Heilige Rooms Katolieke Kerk. Ek glo in die gemeenskap van die heiliges"?

184 Toe die . . . Petrus, die een wat die sleutels gehad het, het gesê: "Daar is geen ander middelaar tusssen God en die mens, behalwe Christus Jesus nie."

185 Maar kyk na die Protestante kerke. Wat het hulle gedoen? Hulle kon nie tevrede wees nie. Elkeen van hulle wat uitgekom het, het uitgekom met 'n Pinksterseëning. Dis presies reg. Selfs Martin Luther het in tale gepraat. Dis presies reg. Homself verskoon, gesê: "God, hierdie aaklige woorde wat ek prewel, en ek weet nie wat ek sê nie." Sien? Sekerlik, hy het Daarin geglo. Sekerlik, hy het.

186 Nou, af deur die eeu het hulle die Gees gehad—gehad, maar hulle trek altyd weg en maak organisasies na daardie eerste stigters weg is. As julle die Lutherse kerk laat aangaan het, en dit nie georganiseer het nie, sou dit Pinkster gewees het. Wat is die Pinksterkerk? Ek bedoel die regte pinkster. Nie die denominasie, nou nie, dis net weer soos "pot en ketel." Sien? Maar hulle het dieselfde ding gedoen, en dit het hulle reg teruggeplaas by die Nikolaïete, net soos wat hulle aan die begin gedoen het. Hoeveel sien dit? sê "Amen." [Gemeente sê: "Amen!"—Red.] Dis reg. Nou, net sodat ek julle woord het dat julle . . .

187 Sien, 'n moeder van "prostitute." As hulle prostitute is, hoe het hulle prostitute geword? Deur ontugtighede teenoor die Woord van God te pleeg. As die Woord van God gesê het: "Bekeer en word gedoop in die Naam van Jesus Christus," en elke persoon daarbinne is gedoop in Jesus se Naam, en dan neem jy "Vader, Seun, en Heilige Gees." Dis prostitusie! Is dit reg? En as die Bybeldoop deur onderdompeling is (*baptizo,* vanaf die Griekse woord), hoe kry jy dan besprinkeling en oorgooiery? Waar kom dit in? As jy handskud vervang, of 'n beskuitjie op jou lip neem en dit insluk, of so-iets dergliks soos daardie neem, in plek van die Heilige Gees. En die Heilige Gees het uit die Hemel gekom soos 'n magtige rukwind en die mense vervul, en hulle in tale laat praat, en skree, en soos 'n dronk mens laat optree het; en jy vervang met handskud, of jou brief in 'n kerk plaas, of so-iets soos daardie; hoe gaan jy ooit van die pad van geestelike ontug pleeg af kom?

188 Nou, vra net jouself dit af. Skud jou verstand, maak jou hart oop en wees eerlik, broers. Ons is aan die einde van die pad. Hierdie byeenkomste word nie net tervergeefs hier gehou nie, hulle is verordineer deur God. Ek glo dit net soveel as wat ek . . . julle glo ek is Sy dienaar. Ek sê dit in die Naam van Jesus, dat God op my hart geplaas het om hiernatoe te kom. Ek kry nie een pennie om dit te doen nie. Ek—ek—ek—ek—ek kan hierbuite wees aan die bid vir die siekes iewers, of so-iets. Of ek kan daar oorkant wees aan die visvang, en net in elk geval my geld trek,

ek kry ’n salaris van die kerk. Maar God het Dit op my hart geplaas; ek kon nie wegkom Daarvan nie, net aanhou uitroep na my Daaroor, en ek doen alles wat ek kan. Ek is hier in die Naam van die Here, om alles te doen wat ek weet om te doen. Moenie dat Dit by julle verbygaan nie.

189 Nou, Protestant, sien jy wat ek bedoel met die Katolieke en Protestante kerk? Net. . . Een is net dieselfde as die ander. Dis presies reg.

190 Nou, beteken getroud, *Pérgamus* beteken “getroud.”

191 Nou kom ons vat . . . Hy het gesê: “Jy het daar mense wat aan die leer van Bileam vashou.” Kom ons vat dit net.

192 Het ons tyd? Ek sal opskud net so gou as wat ek kan. Of wil julle liewer net wag en kyk of ons kan terugkom in die oggend? Hoeveel wil hê ons moet liewer net voortgaan, net ’n klein bietjie langer? Laat. . . Goed, nou ek—ek weet dis warm hierbinne. En as julle stilsit en warm is, wat dink julle van hierbó? Julle sien? Maar, o, goeiste, ons probeer wegkom van daardie plek wat warm *is*. Sien, dis—dis wat dit, voor is, ons is Ewig.

193 Nou, nou natuurlik toe hulle ’n kerk soos daardie opgestel het, wat het gebeur? Nou luister goed, my kinders. Wat het gebeur? Wel, natuurlik, dit het die Heilige Gees reg uit die kerk uitgeneem. Geen wonder geen van hulle biskoppe het die dooies opgewek of die wonderwerke gedoen nie. En hulle wat praat dat sommige van hierdie heiliges in hulle kerk was! Hulle was teen die ding, maar hulle maak aanspraak op hulle!

194 Kyk na Jeanne d’Arc, daardie jong meisie. Ek vra julle Katolieke mense, of julle Protestante, enige van julle. Jeanne d’Arc, in haar dag, daar was niks in Frankryk daar, behalwe die Katolieke kerk, wat die heiliges onderdruk het nie. Maar God het op daardie meisie beweeg en sy het die Heilige Gees gehad. En wat het sy gedoen? Sy kon dinge voorspel, die Here het haar visioene gegee en dit voorspel. Sy het vir die siekes gebid. Sy het vir ’n klein dooie babatjie gebid, en dit het weer lewendig geword. Dis pinkster. Sien? En wat het die Katolieke kerk aan haar gedoen omdat sy teen die Katolieke kerk geprotesteer het? Hulle het haar voor die hof gedaag, en haar op die brandstapel verbrand as ’n “heks.”

195 En nou sê julle: “*Sint* Jeanne d’Arc.” Tweehonderd jaar later, omtrent, toe die kerk uitgevind het wat hulle gedoen het, dat sy ’n Heilige wás, o, natuurlik, het hulle boete gedoen daaroor; hulle het daardie priesters se liggame opgegrawe wat haar dood beveel het, en hulle in die rivier gegooi. Dink julle dit sal ooit die bloed van sy hande afwas? Die Bybel het gesê: “Die—die bloed van elke martelaar is in haar gevind.” Dis wat die engel van die Here gesê het in Babilon gevind is: “Elke moord, of ’n martelaar, en al die heiliges van Christus wat ooit vermoor is, is net hierin gevind

vanaf die Nikolaïetiese Tydperk af aan, elke martelaar." Dink daaraan. (Dankie, Broer Ben.) Nou, dink daaraan.

196 Nou, net 'n bietjie verder nou. Die Christenkerk getroud met 'n—met 'n . . . met Babilon. *Pergamus* beteken die "troue."

197 Nou: "Die leer van Bileam. Julle het diegene onder julle wat aan die leer van Bileam vashou."

198 O, ek is net lief vir hierdie goed. O, as jy net 'n bietjie langer op een kon bly, maar julle sien . . . Ons wil julle dit laat sien en dan aanbeweeg na iets anders toe, want dis net—net vol goudklonte. Ek's 'n prospekteerder; ek hou daarvan om af te gaan en hierdie goudklonte op te grawe en hulle blink te vryf soos hierdie, en na hulle te kyk. En elkeen van hulle sal Jesus Christus weerspieël! Elkeen van hulle, sien. Elkeen van hulle weerspieël Jesus Christus. Hy's die Alfa en die Oméga, elke—elke karaat goud in die klont. Dis reg. Hy's elke deeltjie daarvan. Dis waarom Hy Godheid is, wat vlees geword het onder ons.

199 Nou, om te kry . . . ek—ek sal nie tyd neem hiervoor nie, want ek het . . . Ek sien dis nege-uur. En ek—ek het nog iets wat ek wil inkry vanaand, as God wil. En ek wil hê julle moet net hierdie neerskryf en lees julle dit dan môre, en skryf julle Númeri 22 tot 25 neer. Ek wil hê julle moet dit nou lees, en julle kan my volg. En nou—en nou Númeri 22 tot 25.

200 Ons weet dat Israel—Israel die uitverkore volk van God was. Is dit reg? Hulle was die . . . Hulle was Pinkster. Hulle het die Gees onder hulle gehad. Onthou julle gisteraand se boodskap? Hoedat Moses, nadat hy die Skelfsee oorgesteek het, of die Dooie See, en agter hom gevind het in die Skelfsee, van die bloed, die bloed verteenwoordig het . . . al die slawedrywers wat hom en die kinders van Israel ooit geslaan het. Moses het sy hand opgesteek en gesing in die Gees. O, elkeen van ons kan 'n Moses wees, wanneer ons terugkyk in die rooi Bloed van die Here Jesus en elke ou dronkaard sien, elke ou bottel, elke ou vulgêre vrou, elke ou vuil ding wat ons ooit gedoen het in ons lewe, alles dood in die Bloed van die Here Jesus. Laat ons sing in die Gees! Sigarette, tabakke, en slegte gewoontes, en al die res, dood, in die Bloed van die Here Jesus; dan kan ons ons hande opsteek en in die Gees sing. Sien?

201 Kyk wat Mirjam, die profetes, gedoen het. Nou, onthou, sy was 'n profetes. Sy het die tamboeryn gevat en die tamboeryn begin slaan en in die Gees gedans, en die dogters van Israel het haar gevolg al langs die oewer af, hierdie tamboeryne geslaan, en in die Gees gedans. Ware Pinkster!

202 En dan, as julle sal oplet, toe hulle by Moab gekom het. Nou kom ons terug . . . Ons is by die Skrif, nou, die "leer van Bileam." En Moab—Moab was Israel se broer. Hoeveel weet waar Moab vandaan kom? Goed. Moab is wat ek die baster sou noem, omdat Moab begin het by Lot se dogters. Lot het 'n baba gehad by sy

eie dogter, die twee kinders gehad. En Moab was een van hulle, en hy het die volk van Moab gevorm, die stam. En, eintlik, was Lot 'n broerskind van Abraham, wat eintlik teruggekom het in daardie selfde lyn. Ons weet dit. Nou wil ek hê julle moet oplet hulle was nie heidene, soos party van ons toneelstukke, onlangs, julle wou laat . . . Onthou, hulle was gelowiges. Nou, toe Israel hier opgekom het op hulle pad na die beloofde land, hulle weg gebaan het reg op hulle pos, en hier het Moab reg in die pad gelê. Hulle het boodskappers na Moab toe gestuur, en gesê: "Laat ons deur julle land trek. Ons is julle broer."

203 Nou, Moab het die Nikolaïete verteenwoordig. Nou julle sien net binne 'n oomblik. Israel het die ware Kerk verteenwoordig. En Bileam was een van die biskoppe, pouse. Kyk en sien nou; vleeslike Christelikheid. Nou, ons sal oplet dat hy begaafd was, daar's geen twyfel daaroor nie. Baie van hulle is goeie sprekers, doktore van filosofie, en—en groot manne. Jy kan dit nie ontken nie. Maar: "Wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die Krag daarvan verloën."

204 Gaan terug na die oorspronklike pinkster! Moenie wegkom van daar af nie. As jy dit doen, is jy verlore. Bly by daardie seëning. Dis Dit, die Sener van die seëning.

205 Nou, let op soos hulle getrek het. Hulle het gekom by hierdie formele basterkerk, en hulle het gesê: "Ons trek deur na 'n herlewing toe. Ons gaan oor na die beloofde land. Sal julle toestem dat ons deurgaan? As ons beeste enige gras oplek, as hulle enige water drink, sal ons julle betaal daarvoor."

206 Toe wat het hy . . . ? Die Koning Balak, hy het baie opgewonde geraak, en hy wou nie so 'n soort byeenkoms in sy kerk of sy land hê nie. So, wat het hy gedoen? Hy het die pous laat weet, of die biskop, Bileam, 'n huurling profeet, een wat meer lief was vir geld as wat hy God liefgehad het. En die Koning Balak het hom vertel: "As jy hiernatoe kom en hierdie volk vervloek, sal ek jou 'n groot persoon maak." En God het met Balak gepraat. En ek wonder of daar dalk sal wees so- . . . Ek bedoel Bileam. Wonder hoeveel Bileams is in hierdie wêreld vanaand? Metodiste predikers, Baptiste predikers, Katolieke priesters, (Genade!) wat weet dat God . . . as julle hierdie selfde geskiedenis lees en dieselfde Boek as ek. "Bileam!"

207 Nou, let op. Toe het hy gesê: "Kom af en vervloek die volk."

En Bileam het gesê: "Ek sal vir God vra."

God het gesê: "Jy moenie gaan nie!"

208 Maar die volgende oggend, het hy gesê . . . hy het gegaan en die priester vertel, of die—die koning.

En hy het teruggekom, gesê: "O, ek sal—ek sal jou 'n groot man maak."

So Bileam het aangehou; God het gesê: "Gaan dan, gaan jy maar."

209 Sien, as jy nie Waarheid volg nie... Julle dink, Nikolaïete, omdat God vir julle doen wat julle doen soos daardie... Daar's oorspronklike Waarheid! Julle neem net God se toelaatbare wil. Julle sê: "God gee ons die Heilige Gees," of "Hy seën ons, en ons word gedoop in die naam van 'Vader, Seun, en Heilige Gees.'" Jou Bileamiet! Sien, leer van Bileam. God het hom gesê, nadat hy so arrogant was, Hy het hom net laat voortgaan, homself laat hang. Jy moet terugkom na die Waarheid, fondamentele Waarheid. Terug na die Bybel. "O, wel, Hy het ons geseën! En ge-..." O, ek weet dit. Hy het, vir Bileam gesê: "Gaan jy voort. As jy wil gaan, as dit is... Jy van plan is om daardie weg te neem, en jy die organisasie roete wil volg; volg dit, gaan voort."

210 Toe het Bileam gegaan, en op sy muil gespring, of, nie sy muil nie, sy donkie, en daar onderdeur het hy gegaan. En die eerste ding, julle weet, daar het die Engel van die Here in die pad gestaan. En, julle weet, daardie profeet, daardie pous, biskop, kardinaal, wat hy ook al was, was so blind vir geestelike dinge, die gedagte dat hy bevorder sou word, omdat hy langs die Eufraatrivier gewoon het. Ek reken hy het gedink dit was een of ander erflating, soos "'Op hierdie rots sal Ek My kerk bou,' Petrus," of op een of ander rots wat in Rome was, of iets. Maar toe hy by die plek kom, daar het die Engel met 'n ontblote swaard gestaan, en hy was so verblind dat hy dit nie kon sien nie. En die muil het sy voet teen die muur gestamp. En toe het hy hom verder gery, en die—die Engel het weer in die pad gestaan. God sal elke deur blokkeer! En hierdie muil het steeds omgedraai. En hy het afgespring, en sy stok gevat en hom begin slaan daarmee. Hierdie klein donkietjie, wat daar gelê het, wat op die kop geslaan is.

211 En ek, wat hom seker verander het, wat hom die idee gegee het, of hom gesê het dat hy verkeerd was, Hy het daardie muil in tale laat praat. Nie 'n muil nie, hy was 'n donkie! Moenie sê hy was 'n "muil" nie; hy sou dit nie kon kry nie, hy was 'n baster. Julle sien? Hy was 'n oorspronklike saad.

212 Moab was: "Tekens verby, alle dinge is verby." Israel het tekens gehad wat gevolg het.

213 Maar hierdie klein donkietjie het omgedraai en gesê: "Was ek nie jou donkie nie? Het ek ooit..." En daardie—daardie verblinde biskop wat daarbo gesit het, steeds hierdie muil geslaan het; en die muil het met hom begin praat, in vreemde tale vir die muil.

En hy het gesê: "Ja, jy's—jy's my donkie."

"En het ek—het ek jou ooit nie gedra, of het ek jou ooit in die steek gelaat?"

"Nee, jy het nie. Maar as ek 'n swaard gehad het, het ek jou doodgemaak, ek sou hierdie byeenkoms gestop het. Ek is op

my pad soontoe om daardie klomp holy-rollers te stop om deur hierdie land te trek. Ek—ek sou dit op jou sit." Sien?

214 En die eerste ding waarvan jy weet, het hy net omgekyk, hy het gedink: "Wel, dis vreemd. Ek kan daardie muil hoor praat."

215 O, Bileam! Hmm! Sien, God het altyd in vreemde tale gepraat met mense. Hy het in die dae van . . . Julle sê: "Dis net by Pinkster." O, nee. Nee, nee. By Bélsasar se fees het Hy in tale gepraat, Dit teen die muur geskryf. Hulle het 'n man daar gehad wat die gawe van uitleg gehad het, so hy het dit vir hulle uitgelê, vir hulle gesê wat dit was. Dieselfde ding vandag.

216 So, omdat daar geen uitleêr Daarvan was nie, het God net hierdie ou Bileam laat wakker word (hierdie kardinaal) en besef wat Dit was. En weet julle, daardie blinde kêrel het net in elk geval voortgegaan? Sekerlik. Dis hoe hulle dit vandag doen, dieselfde ding; die Moabiete, Nikolaïete, wat reguit aangaan. En hulle het net reguit soontoe gegaan, en hy het gegaan . . . Kyk nou, as God fundamentalisme geag het, was Hy verplig om Moab te seën; want, let op, Bileam het sewe altare gebou. Dis presies.

217 Die getal sewe: sewe kerktydperke. Sien die geestelike toepassing? Nou, hou dit nou: geestelike toepassing. Ek gaan daarby uitkom binne 'n minuut, in 'n moeilike plek. Sien, die geestelike toepassing. Sewe altare, sewe bulle (skoon diere), en sewe ramme; wat spreek van die koms van Christus, honderde jare voor Hy gekom het.

218 Maar, hulle het geglo. Wat het hulle geglo? Hulle het in Jehova God geglo. Wat het hulle nog geglo? Hulle het geglo dat 'n skoon offerhande geoffer moes word. Dis reg. En hulle het gesê dat hulle glo dat die Messias sou kom, want hulle het 'n—'n manlike skaap geoffer, wat 'n ram was. Dit reg?

219 Nou, kom julle net eenmaal by 'n Baptis uit; vind uit of hulle nie dieselfde ding doen nie. Dis presies reg.

220 Wel, nou wat is die verskil? Hier's Israel onder aan die voet van die heuwel, wat dieselfde offerhande opoffer wat hulle hierbo geoffer het, aan die bid tot dieselfde God. Kan julle nie die Nikolaïete sien nie? Die baster! Sien dit? Sien julle nie die ware geestelike nie? Wat was die verskil tussen hulle? Een van hulle het tekens gehad wat gevolg het! Die ander een het die *gedaante* gehad, die ander een het die *tekens* gehad *wat volg*.

221 Dis dieselfde ding wat hier plaasgevind het, die Niceense Raad; Nikolaïete, formele Christendom. En die Heilige Gees kom terug en het gesê: "Julle het die leer van Bileam onder julle." Sien? "En jy . . . Ek haat die dade van die Nikolaïete, daardie leer wat hulle het, want dis die leer van Bileam wat die kinders van Israel geleer het om te struikel." Hoe het hy dit gedoen?

222 Toe, toe hy uitgegaan het om daardie volk te vervloek, het God gesê: "Ek sal jou tong knoop; dat jy niks meer sal sê as wat

Ek vir jou sê nie. Jy kan nie vervloek wat Ek geseën het nie." So hy het daar afgekyk.

223 En kyk na hierdie skynheilige! O, ons kan net verder gaan daarmee, sien. Kyk na hierdie ou Koning Balak, die—die—die—die hoof van dit alles, vir hierdie vals profeet hier gesê, gesê: "Gaan soontoe en kyk net na hulle agterste dele."

224 Dis waarvan die—die groot kerke hou om te sê van God se klein minderheid. "Weet julle wat? Ek het een van hulle geken. Man! Weet julle wat het hy gedoen? Hy—hy het *dit* gedoen, en hy het *dat* gedoen. Daardie is Pinksters. Sekerlik." O, maar as julle net die waarheid van *hulle* geweet het, maar koerante en goed sal dit stilhou. Maar laat 'n klein Pinkster eenkeer nie reg optree nie, en kyk hoe die hele land dit uitbasuin. Sekerlik. Ja, meneer.

225 Maar, let nou op, hy het gesê: "Kyk net na die agterste deel, die agterkant, die slegste deel daarvan." Bileam het gesê: "Ja, ek sal net na die agterste deel kyk, daardie slegte deel wat hulle doen. Dis wat ek sal doen, ek sal net kyk na hulle—hulle vuilheid, hulle is nikswerd." Want as jy na die nikswerd sou kyk, wás hulle nie. Dis reg. Hulle het elke sonde op die kalender gedoen. Maar wat hy nagelaat het om te sien, hy het nagelaat om die geslaande Rots te sien, daardie Koperslang, daardie vreugde van die Koning onder hulle, genesing, tekens, wonder, en daardie Vuurkolom wat oor hulle gehang het.

226 Daardie blinde profeet kon Dit nie sien nie. Nee, meneer. Maar hy het hulle vuil deel gewys: "Wel, ek ken een wat weggeloop het met 'n ander man se vrou. Ek—ek weet dit, hy het geld gesteel." Dis reg. Dis reg. Ek sal dit erken; maar hulle het dieselfde ding daar oorkant, maar hulle het niks daarvan gesê nie. Sien? So hy wys net die slegste deel.

227 Maar Hy het gesê, God het gesê: "Jy sê net wat Ek sê." En Bileam het in die Gees gekom, in vervoering geraak; en in plaas van om Israel te vervloek, het hy dit geseën. Amen! Daar was hy.

228 Nou, as God beloon het . . . of respek het vir 'n fundementele, hierdie hoërskole hier, en groot kweekskole en kollege, en Ph. D.'s en D.L.D.'s en, o, allerhande D.D.'s . . . Wel, wat as Hy respek gehad het daarvoor, wel, dan, kon jy . . . Hy sou respek moes hê vir hulle. Sien? Maar Hy het alreeds hierdie mense respekteer en geseën met 'n seëning, omdat die Gees, die Koning . . . Hulle het gesê: "Daar was die gejubel van die Koning in die kamp." Wat? Wat? "*Die Koning van die heiliges*." Uitroepe en vreugde! Waarvan? 'n Ander Koninkryk.

229 Ek sal vir julle bewys hulle was nie denominasioneles nie. Wil julle hê ek moet dit doen? Ek dink ek het 'n Skrif neergeskryf daarvoor. Ja, meneer. Laat ek vir julle bewys Israel was nie . . . Laat ons terugblaai na Númeri, net sodat julle kan sien hulle was nie. Hulle . . . Nou, Moab was 'n groot denominasie. Ons gaan Númeri 23:9 kry, ek sal die—die 8ste vers saam met dit kry:

> En. . . *Hoe sal ek—Hoe sal ek vloek,* (het Bileam gesê), *wie Gód nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie die* H*ERE nie verwens nie?* (Uh-huh.)

230 Nou luister wat die. . . wat Hy gesê het:

> *Want—Want van die top van die rotse af het Ek hom* gesien,. . .(Dis God. Nie van onder in die vallei af nie, maar van die top van die rotse af. O! "Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy hou my dop.")*. . .van die top van die rotse af het Ek hom* gesien,. . .(Amen! Nie vanaf 'n sekere. . .van agter 'n vallei sodat jy die agterste deel van hulle kan sien nie: "Ek het die hele ding gesien," het God gesê.)*. . .van die top van die rotse het Ek hom* gesien, *en van die heuwels af aanskou Ek hom. Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.*

231 Dit afgehandel? Hulle was nie 'n denominasie: "nasies" nie. O, hulle was reisigers, in tente, stegies, onder op die straathoek, die klein sendingstasietjie. Agter geraak, met die huur, het hulle hulle uitgeskop; God wou hê hulle moes êrens anders heengaan. Sien? Reisigers! Reg!

232 Oorkant in Jamaika, nie lank gelede nie, was daar 'n goeie Pinksterdoktor van godsgeleerdheid wat daar gestaan het. En ek het gesê: "O, hoe die Here die vroeë Pinksterkerk geseën het: hulle het niks gehad nie." Ek het gesê: "Hulle was net reisigers, oral."

Hy het gesê: "Uh, Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ja, broer." Lief vir hom; gawe broer.

En hy het gesê: "Ek—ek wil jou net wys waar jy verkeerd is."

Ek het gesê: "O, ek is so bly daaroor. Ek—ek wil altyd weet waar ek verkeerd is, want God weet dit; ek—ek wil nie verkeerd wees nie." Ek het gesê: "Wel, as ek verkeerd is, wil ek dit beslis weet, broer. Dankie."

Hy het gesê: "Jy hou aan om daardie pinkstermense te prys."

Ek het gesê: "Ja!"

Hy het gesê: "Hulle het die grootste fout gemaak wat hulle ooit gemaak het, toe hulle hulle eiendom verkoop het." Gesê: "Toe die verdrukking gekom het, het hulle nie eers 'n huis gehad om na toe te gaan nie. Hulle het geen plek gehad om na toe te gaan nie, en hulle het rondgedwaal."

Ek het gesê: "Net presies die wil van God."

Hy het gesê: "Hoekom?"

233 Ek het gesê: "As hulle 'n huis gehad het, sou hulle teruggegaan het, maar hulle moes van hier tot daar gaan, die nuus versprei, oral, dat die Heilige Gees gekom het. Moenie vir my sê God het 'n fout gemaak nie. Hy maak nooit 'n fout nie. Hy

weet hoe om dit te doen. Hulle het hulle eiendomme verkoop en swerwers geword, die nuus oral versprei." En gesê: "Die nuus is toe oraloor die bekende wêreld versprei deur daardie swerwers, wat alles opgegee het, wat hulle gehad het, om die Heilige Gees te kry." Die mense het nie aan 'n denominasie behoort nie. Sien?

234 Nou, onthou, die denominasie is wat God noem: "Ingespuit in die leer van Bileam." Wel, dan, toe hy hulle nie in hierdie denominasie kon inkry nie, weet julle wat het Bileam gedoen? Nou, luister nou goed, ons kom naby aan die afsluiting. Nou wat Bileam gedoen het, hy het presies dieselfde ding gedoen as wat hulle hier by die Niceense Raad gedoen het. Dis hoekom Hy gesê het: "Jy het die leer van Bileam en daardie Nikolaïete."

235 Nou, Nikolaïete was die mense wat wou onttrek en denominasie maak en—ensovoorts. Wat, uiteindelik . . . Hoeveel weet dis die Waarheid wanneer ek sê: "organisasie"? Dis presies God se Waarheid. En hulle het uiteindelik die grootste organisasie georganiseer in die wêreld. En wat het hulle dit gemaak? 'n Katoliek. En wat beteken die woord *katoliek*? "Universeel." 'n Organisasie, wêreldwyd, georganiseer: "Al hierdie klein goedjies moet in een kerk inkom." Nou, as julle sal oplet. O, ek . . . jy bly net voortgaan.

236 Kyk! Wat was Babilon? Wie het Babilon gestig? Nimrod. Wat het hy gedoen? Hy het een groot toring in 'n groot stad gemaak, en al die ander stede laat heffing betaal aan hierdie stad. Organisasie! Dis die agtergrond daarvan. Sekerlik. Weer reguit hier oorgekom in die kerktydperk en dit weer georganiseer, en al die nasies ingebring daarin. En net hier het Dit gesê: "Die hoer wat al die nasies laat drink het van die wyn van haar hoerery." Haar owerspel wat sy gepleeg het, aanspraak gemaak het om 'n "Christen" te wees en sulke goed soos daardie uit te gee: kategismes, gebedsboeke, en al dies meer. En die Protestante het net saamgekom, dieselfde ding, net reg in haar voetspore gevolg.

237 Goed, laat ons nou 'n bietjie verder gaan. Goed. Goed. Hy het nou gesê, dat: "Hierdie was die leer van Bileam."

238 Nou, wat het Bileam gedoen toe hy uitgevind het hy kon nie—dat hy Isarel nie kon vervloek nie? Hy het vir Balak gesê dit sou 'n goeie idee wees, dan, vir hom om hierdie mense te nooi na die fees van die god. Hulle het gehad 'n—hulle het gehad 'n—'n groot fees daarbo, hulle was . . . waar hulle sou hê. En hulle . . . Die fees was genoem "Die fees van Baal-p-e-o-r, Baal-peor." Ek veronderstel p- . . . peor, Baal-peor. Dit was 'n—'n fees, om te aanbid.

239 En Bileam het gesê: "Nou, ek sê jou, Balak, ek sal vir jou 'n goeie idee gee. As jy net sal . . . as jy . . . God sal hulle nie vervloek nie, so dis al wat dit is, so ek sal jou sê wat ons doen. Ons kan nie van hulle ontslae raak nie; maar as jy hulle net sal oornooi, sal jy die hele ding na jou kant toe swaai."

240 Sien, presies, presies wat Konstantyn gedoen het. Volkome! Dis die rede "die leer van Bileam."

241 Wat het hulle gedoen? Hulle toe . . . Balak se leer het afgekom onder Israel. En hulle het al die Israeliete uitgenooi na hierdie groot fees, hierdie groot uitbundigheid wat hulle gehou het. O, 'n groot partytjie, soort van 'n opskop daarbo wat hulle gehou het. En toe hulle daarbo gekom het, wel, het hierdie Israelitiese mense hierdie mooi, wulps-geklede Moabitiese vroue begin sien. Ja, was nie soos hulle gewone meisies daaronder nie. "O, hulle het so mooi gelyk. Goeiste! Hoe hulle opgemaak was, en, o, hoe hulle hulleself kon vertoon." En hulle het daarvoor geval, en begin owerspel pleeg. En Bileam het geweet, as God hulle nie sou vervloek nie, sal hy hulle oorneem aan hierdie denominasionele kant en die toorn van God hulle in elk geval laat doodmaak; God hulle Self laat doodmaak, as hy hulle ooit uit die weg van die waarheid kon kry.

242 En sodra jy uitstap en by 'n kerk aansluit in plaas van om die doop van die Heilige Gees te ontvang, is jy dood! (Nie vir julle nie, maar *hier*op, laat ek dit 'n rukkie insink.) Dood! "Jy het 'n naam," hier vir Luther gesê, van die Sardistydperk. Die woord *Sardis* beteken "dood." "Jy het 'n naam dat jy lewe, maar jy's dood!" Dis wat God gesê het. Ja. Sien?

243 En toe hulle geestelike ontugtigheid daarbo gepleeg het, die kerk getroud vanaf die doop van die Heilige Gees na 'n denomonasie, het hulle dood gegaan. Daar het julle dit. Dis wat die Bybel gesê het, dis wat God gesê het, vir die kerke gesê het.

244 Nou wil ek net iets hier vir julle lees, wat ek . . .

245 En God, wat het Hy gedoen? En nou, toe hulle hierdie bose ding gedoen het, en hulle in owerspel was, het God twee-en-veertigduisend van hulle doodgemaak op een keer; twee-en-veertigduisend, vir owerspel pleeg. En waarvan word daar hier gepraat in die kerk? Die geestelike owerspel, dat jy bely om 'n "Christen" te wees en steeds lewe soos die wêreld. O, broer, jy moet die Heilige Gees ontvang! Kom weg van hierdie ou geloofsbelydenisse en dinge jy . . . hulle is dood; herhaal die Apostoliese geloofsbelydenis, of een of ander geloofsbelydenis, en sê 'n paar gebede op wat uit 'n gebedsboek geskryf is, of so-iets. Jesus het nooit vir Sy mense gesê om 'n gebed op te sê nie, Hy het gesê: "Bid!" Bid! Goed.

246 Nou, Konstantyn se fees, net soos Bileam. Nou kyk. Soos Bileam se heidense fees, het Konstantyn 'n heidense fees gehou. Goed. Pérgamus is uitgenooi. En let nou op na hierdie . . .

247 Ek het iets hier neergeskryf, ek gaan dit uitlos net nou. Goed. Goed. Ek het net hierdie nota probeer kry hier van die . . . iets wat ek neergeskryf het.

248 Pérgamus is uitgenooi. Goed, hulle was uitgenooi na 'n fees na die Niceense Raad. Hulle is uitgenooi na die fees van *Winter*

*Sonstilstand*; wat beteken: "die son, aanbidding van die son," wat 'n heidense god was; wat op die 21ste Desember geval het, die kortste dag in die jaar. En die jare... Dieselfde tyd verander nie tot die 25ste Desember nie. Alle heidene het dit gevier, die songod se verjaardag. Die songod se verjaardag was die kortste dag in die jaar, die 21ste Desember. En dan weet enigiemand, wat ooit die geskiedenis van die kerke gelees het, dat heidene op daardie dag aanbid het. Dit was 'n viering.

249 Wel, die Romeine het die... hulle het die groot spele gehad, die Romeinse sirkus. Hoeveel het hierdie hier gesien, hier nie lank gelede nie, wat hulle uitgebring het? Ben Hur! Sien? Nou, die Romeinse sirkus; dis wat die Romeine gehad het op daardie sondag, ter herdenking van die geboorte van die songod. Sien?

250 En nou... en hulle het 'n groot fees gehou daarbo en die Nikolaïete uitgenooi om te kom. O! Is dit nie volmaak nie? "Die leer van Bileam het julle onder julle." Sien, vir Pérgamus vertel wat hulle gehad het, die groot wedrenne. Daar het hulle gedink dat... Hierdie Nikolaïte het gedink: "Wel, nou, dis goed. Hierdie groot fees word jaarliks gehou? Ja." So toe met die uitnodiging na die—die—die sogenaamde aartsbiskop, of wat ook al hy toe was, en alles, het hulle besluit om dit 'n voortgesette ding te maak: om ontugtigheid in te bring, owerspel in te bring, die Katolieke kerk te vorm; waarvan elke Prostestante denominasie 'n lid is, organisasie. God het geen organisasie nie, en haat die einste naam daarvan. Die Bybel het so gesê.

251 En toe hulle dit gedoen het, wat het gebeur? Hulle—hulle het nou gesê... Hulle moes 'n geestelike toepassing hê, so hulle het die (Here Jesus) S-e-u-n van God se verjaardag verander van April (Wat alle goeie studente weet, en enigiemand met geestelike openbarings, dat Hy gebore is in die natuurtyd wanneer lammers en al die res gebore word: in April.) ver op tot na die 25ste dag van Desember. En vier steeds Kersfees, nou is dit Sinterklaas. En wat... O, genade. Sien? Steeds meer heidense feeste daarby gevoeg. Dis net al. Daar het julle dit, uitgenooi, Bileam. "Julle het die leer van Bileam onder julle." Daar is dit. (O God, openbaar dit net, Vader.) Sien? Die verjaardag vanaf April na...

252 Nou, die geskiedkundige sê dat "Alle bewyse dat Jesus gebore is in die maand van April waneer alle ander lewe voortkom." Maar hulle het dit terugverander na die 25ste dag van Desember, vyf dae na (sien?) na die heidense god, sodat hulle hulle seremonies bymekaar kon sit: heidendom en Christendom. En Katolisisme is niks anders in die wêreld as 'n klomp heidense bygelowe en Christelike afvallighede, bymekaar gesit nie. Dis reg. Dit is waar. En die Protestante wat daaraan toegee, is net presies die dogter van die moederprostituut. Dis presies.

253 Nou, God help ons om regte protesteerders te wees teen enigiets wat nie goddelik is nie. Sien? O!

254 En om die geestelike toepassing daarby te maak, weet julle wat het die biskop gesê? Die biskop het gesê: "Ons het 'n reg om dit te doen, omdat hy die 'Son van geregtigheid is.'" Hmm! O, hulle kry 'n skuiwergat, soos wat hulle het met "Vader, Seun, en Heilige Gees;" Mattheüs 28:19, dieselfde soort, presies. Sekerlik, hulle het 'n skuiwergat gekry, hulle moet een of ander geestelike toepassing kry, julle sien. Maar dit nie . . .

255 Die Bybel het gesê: "Op die verklaring van twee of drie getuies, laat elke woord bevestig word." God dit gesê het, sê Hy dit drie keer. As God besluit om iets anders te bevestig, het Hy Petrus, Jakobus, en Johannes geneem; alles wat Hy gedoen het, het Hy twee of drie getuies gehad om alles te bewys wat Hy gedoen het, die heelpad deur die Skrif. Dis reg.

256 Maar, julle sien, daardie klein dingetjies moet daar kom sodat hulle dit kan optel om dit te wees. God het dit geweet voor die grondlegging van die wêreld. Daar het hulle dit gekry, die geestelike toepassing: "Omdat hy die S-e-u-n van God is, sal ons net die heiden s-o-n se verjaardag neem en dit S-e-u-n se verjaardag maak, en want hy is 'n 'Seun van geregtigheid.'" Hmm! Hmm! Julle weet, Protestante val nogsteeds daarvoor, iets soos daardie. Sekerlik, hulle sou, neem dit reg van die Skrif af weg na elders. O, goeiste! Ek . . . Laat—laat ons net stop vir 'n minuut. Goed.

257 Hier's een klein dingetjie wat ek graag wil kry. Laat ons die laaste van hierdie vers hier sommer vinnig kry. Kan ons dit doen? Ja. Wel, ek sal opskud baie, baie vinnig nou, en julle sal . . . ons sal die hoogtepunte Daarvan raak. Goed. Waarby is ons nou?

> *Maar . . . enkele dinge . . . het Ek . . . teen jou, . . . Bileam, . . .*

Dis reg, ek het dit gekry.

> *So het jy ook . . . die leer van die* Nikolaïet . . .
>
> *Bekeer jou; . . . anders kom Ek gou . . . en . . . teen* jou *oorlog voer met die swaard van my mond.*
>
> *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. . . .*

258 Goeiste! Hier toe Konstantyn dit gedoen het, was dit . . . Toe hulle hierdie groot fees ingestel het. Ek—ek net . . . Ek het begin wegbeweeg daarvan; ek gaan wag voordat ek dit lees, want die Heilige Gees bly terugbeweeg, dis hoekom ek gedoen het wat ek toe gedoen het; gesê: "Moenie jy dit terughou nie." Sien? Hier kom dit! Uh-huh, uh-huh, uh-huh. Goed. Die rede . . .

259 Toe hulle hierdie groot ding ingestel het, (ek wil vir julle vertel wat gebeur het sodat julle kan verstaan.) was dit die geboorte van die postmillennialiste. Omdat die kerk ryk geword

het; dit was so ryk as wat dit kon wees. En dit was wat? Magtig. Dit was oor die staat; staat en kerk was saam.

260 Nou, God met 'n koninkryk? En het Jesus nie gesê dat hulle. . . Elkeen van hierdie nasies was syne, het vir Jesus so gesê, vir Hom die koninkryke van die wêreld gewys, gesê: "Hulle is elkeen myne. Ek doen met hulle enigiets wat ek wil." En dan God en die duiwel verenig? O, jy kan dit nie doen nie! Jy kan beslis nie. Dis hoekom die staat georganiseer is. God is nie, hierdie organisasies. Beslis nie, jy kan dit nie doen nie.

261 Maar hulle het dit toe gehad, hulle het hulle kerk met die naam Christendom gehad; hulle het dit verenig met die nasie, die hele keiser van Rome, alles daarvan. Die groot biskop daarbo oor dit alles, wat was Boni-. . . Naderhand het hulle hom pous genoem, maar hy was 'n—hy was toe 'n biskop. En Boniface III was die een wat die eerste pous geword het.

262 Toe vind ons uit dat hy hier opgestel is daar as eintlik 'n pous oor. . . 'n god wat hulle gehad het, in menslike vorm. Hulle het 'n groot altaar gehad. Hulle het baie rykdom gehad. Hulle het groot, magtige, marmer-beklede altare gehad, en bedek met juwele, ensovoorts, en oraloor. En hulle het groot kerke gehad. Hulle het die staat beheer. En weet julle wat? Die woord het uitgegaan dat "dit die Millennium was," dat al die beloftes aan daardie arme Jode, dat: "God hulle verlaat het" (wat Hy gesê het Hy dit nooit sou doen nie), en probeer om die Millennium in te bring voor die koms van die Here Jesus. Wanneer Jesus kom, is wanneer die Millennium begin.

263 Dis die geboorteplek van die postmillennium. En dis die rede waarom die Katoliek tot hierdie dag toe nie die koms van Jesus onderrig nie. "Dis alles in die kerk. Hierdie is die Millennium. Die kerk besit alles. Dit is dit." Sien, postmillennium (O, goeiste!) sonder die terugkeer van Jesus Christus. Dit het aangehou tot die sluipmoord van Konstantyn wat gekom het tussen 312 en—en. . . 312 nC. en 606. Toe is Boniface III die universele biskop of pous oor die hele universele kerk gemaak.

264 Ek glo ons sal hierdie vers voltooi, en dan sal ek dit hê. Prys God. Sien? Nou, ek het net gehou net vir 'n minuut. 17de vers:

> *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees—Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet. . . die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.*

265 Wil julle liewer wag vir môre-aand, of dit nou kry? [Gemeente antwoord: "Nou!"—Red.] Goed.

266 Hemelse Vader, ek bid dat U die mense nou sal laat verstaan, in die Naam van die Here Jesus, dat hulle sal verstaan oral (en waarheen die bandopnames gaan), dat hulle mag weet dat ek—

ek dit sê omdat Dit—Dit die Goddelike uitleg is wat U my gegee het. Amen.

*. . . hom wat oorwin . . .*

267 Die eerste ding wat ek wil hê julle moet onthou: dat elkeen van hierdie boodskappe nie aan die kerk gerig is nie, maar aan die engel van die kerk. Kyk terug hier, die eerste een, die kerk van Éfe-. . . Aan die kerk . . . Aan die . . .

*Aan die engel van die gemeente van Éfese . . .* (Dit reg?)

268 Goed, die volgende kerktydperk, die 8ste vers:

*. . . aan die engel van die gemeente van Smirna . . .*

269 Goed, en die 12de vers:

*. . . aan die engel van die gemeente van Pérgamus . . .*
(Is dit reg?)

270 Die Boodskap is gerig aan die leier van die kerk. God help daardie kêrel wat sal wegtrek van daardie Boodskap! Maar Dit is aan 'n engel gegee, en die engel was in Sy hand onder Sy Eie beheer, wat dit stuwingskrag gegee het van Hom af, uit Sy regterhand. Hulle is in Sy regterhand, dit is, hulle is in oppermag terwyl hulle hier op die aarde is; omdat hulle Ligte van Hom af is, wat Lig gee aan daardie kerktydperk. Sien? "Aan die *engel* van die kerk." Gerig aan die *ster* (van die tydperk) wat verantwoordelik is. Die engel van die kerk is verantwoordelik as hy nie die Woord preek nie. Dis reg. En daardie engel sal moet antwoord in die oordeel.

271 Hoeveel onthou die visioen hier, nie lank gelede nie, oor . . . Kyk hier. Toe ek—toe ek op die bed gelê het, en die Heilige Gees gekom het; en ek omgekyk het, my vrou daar. En daar het ek daar gelê, en opgegaan in die Teenwoordigheid daar, en ek het al daardie mense gesien. En onthou julle dat ek dit vertel het? Julle almal kan. Sien?

En ek het gesê: "Wel, is hulle . . .?"

Hy het gesê: "Hulle is joune."

En ek het gesê: "Al daardie Branham's?"

Hy het gesê: "Nee." Daar was miljoene van hulle. Hy het gesê: "Dis jou bekeerlinge."

En ek het gesê: "Bekeerlinge?"

272 "Sien daardie vrou wat jy so bewonder het, daar, jonk en mooi," gesê: "sy was oor die negentig toe jy haar na Christus toe gelei het."

En ek het gesê: "O!" Ek het gesê: "Dan was ek bang hiervoor?"

En hy het gesê: "Ons wag hier vir die koms van die Here."

Ek het gesê: "Ek wil Hom sien."

273 Gesê: “Jy kan Hom nie nou sien nie, maar” gesê: “Hy sal binnekort kom. Ons wag vir Hom, maar wanneer Hy kom, sal Hy eerste na jou toe kom. En jy sal geoordeel word volgens die Evangelie wat jy gepreek het, en ons sal jou onderdane wees.”

“Wel,” het ek gesê: “jy bedoel ek is verantwoordelik vir al hierdie?”

“Almal van ons!”

Ek het gesê: “Wel, sal elkeen . . . ?”

Hy het gesê: “Jy was ’n gebore leier.”

En ek het gesê: “Wel, sal elkeen verantwoordelik wees?”

Hy het gesê: “Elke leier.”

Ek het gesê: “Wat van Paulus?”

Gesê: “Hy sal verantwoordelik wees vir *sy* tydperk.”

“Wel,” het ek gesê: “ek het dieselfde Evangelie gepreek wat hy het.”

En miljoene stemme het opgeklink, gesê: “Ons rus daarop!” [Gemeente sê: “Amen!”—Red.] Sien? Daar het julle dit: “rus.”

274 So die *engel* van God, die boodskapper aan die kerk, is verantwoordelik as hy nie die Woord preek nie. Goed.

275 “Verborge manna.” Laat ons die uitleg gee die beste wat ons kan. Wat tipeer “verborge manna”? Verborge manna was ’n manna wat gehou is in die plek . . . of ’n toonbrood, in die Bybel, wat net vir die priester was. Hoeveel hier weet dit? Sien? Nou, dit was nie vir . . . Hulle het ’n brood vir die gemeente gehad, maar daar was ’n spesiale brood vir die priester. Is dit reg?

276 Hierdie is ’n spesiale brood, ’n spesiale brood, *verborge* manna. Wat is dit? Wie is ons Manna? Christus. Goed, Johannes, die 6de hoofstuk, 48ste tot die 50ste vers, as julle dit neerskryf. Jesus het gesê Hy was “die Brood van die Lewe wat van God af uit die Hemel gekom het,” die Manna.

277 Wel, wat is die “verborge manna”? Die manna wat nie aan die hele gemeente gegee word nie. Die Openbaring word op die engel van die kerk uitgestort, die openbaring van die Woord. Sien? Openbaring van die Woord word aan die engel van daardie tydperk gegee, want dis van oral weggesteek, en terug openbaar (die verborge manna) aan . . . Dis gerig aan die *engel* van die kerk. Sien? Begryp julle dit? Dis ’n bietjie groter openbaring van wat Christus is, miskien ’n bietjie hoër roeping.

278 Wonder of Luther dit herken het? Wonder of Wesley het in sy dag? O! Wonder of Sint Martin dit herken het? Iranaeus? Nou, julle weet, die kerk het nie eers daardie manne heilig verklaar nie, hulle was nie heiliges vir hulle nie; maar hulle was die een wat die tekens gehad het wat gevolg het. Hulle het hulle eie—hulle eie biskoppe geneem, ensovoorts, vir heiligverklaring.

279 Wel, hier nie lank gelede nie, het 'n vrou gegaan om die *Lewe van Sint Martin* in 'n Engelse boekwinkel te kry. En toe . . . Sy het gesê: "Sint Martin."

280 En die persoon het die rak uitgehaal, gesê: "Hy is nie eintlik bekend in die geskiedenis nie, hy is nie heilig verklaar nie." Sien? Tot in hierdie dag; maar God het sy naam, God weet wie hy is.

281 Sien, dis die verskil. Iemand wil hulle naam in een of ander groot iets hê, maar God se mense wil van daardie soort goed af wegbly. Hulle wil nie yslike groot goed hê, en yslike groot iets nie; hulle wil nederig wees, daardie nederigheid. Die pad op—die pad op, is af. "Hy wat homself verneder, sal verhoog word; hy wat homself verhoog, sal verneder word." Verneder homself. Moenie iets groots probeer wees nie; probeer 'n klein ietsie wees, maar wees wat jy is. Sien? Wees gering in die aangesig van God, wees gering in jou eie aansien, almal anders is bokant jou. "Laat hom wat die grootste onder julle is, die dienaar van julle almal wees."

282 Wie kan groter as Jesus Christus wees, wat Homself omgord het en die dissipels se voete gewas het? 'n Voetwasbediende, het Hy geword. Die God van die Hemel, die Skepper van hemel en aarde, wat vuil voete van vissermanne was (O!) met mis en goed, en stof van die paaie, waar hulle kleed dit opgetel het, en dit afgewas; 'n Voetwasbediende, wat Hy was. En dan dink ons: "Ons is iemand. Ons moet Doktor, Ph. D., *So-en-so* wees." O, goeiste! Dit is nie Christus nie. Dit wys nie die liefde . . . lieflike Jesus Christus nie. Hy het almal se Dienaar geword. Dis reg. Vir ons 'n voorbeeld gewys wat ons aan mekaar moet doen, soos Hy aan ons gedoen het. O, dis—dis my Heer. Wat Hom groot maak, omdat Hy Homself klein gemaak het. Sien, dis wat Hom groot gemaak het.

283 Ek het die voorreg gehad om 'n paar groot manne in my lewe te ontmoet, en ek het 'n voorreg gehad om manne te ontmoet wat *gedink het* hulle was groot. 'n Ware groot man probeer jou laat dink dat jy groot is en hy's niks. Sien? Konings ontmoet, ensovoorts, en manne wat regtig groot manne is. En jy ontmoet regte stoere Christene, gelapte klere, en dinge soos daardie. En sommige van hulle kom op die preekstoel soos 'n hoededoos en dan . . . Sien? O, goeiste! Wel, dis so ver . . . Goed.

284 "Die verborge manna," 'n *spesiale* ietsie. Wat is die *spesiale?* Nie iets om . . . Die seëninge van die Heilige Gees? O, nee, dis vir die hele gemeente. Maar die "verborge manna" was 'n spesiale openbaring, want hy moes die ander leer. Sien? Was 'n bietjie meer kennis van die Skrif, dat hy ander kan leer. Hy's veronderstel om te wees. Is dit reg? Jy sal nooit hoër lewe as jou pastoor nie. Onthou julle dit maar net, sien. En so . . . Want hy's die herder wat jou voed. As hy die herder is, moet hy weet waar die manna is, om die—die skape te voed. Is dit reg? Nou, 'n bietjie spesiaal. En hou hierdie net 'n oomblik dop, die openbaring, die verborge manna.

285 Nou: "Wit rots, hy sal 'n wit rots hê." Hierdie engel sal 'n wit keursteen hê. Dis 'n rots, is dit nie? ['n Broer sê: "Suiwerheid."—Red.] En 'n . . . Hy's reg: "suiwerheid."

286 Hy—Hy het eenmaal 'n man ontmoet en sy naam was Simon, en Hy het sy naam verander na Rots: "Petrus." Hoekom? Hy het die sleutels gehad. Is dit reg? Hy het sy naam verander en hom 'n rots gemaak. Is dit reg? Petrus het die sleutels gehad, want hy was die een wat die sleutels van die Koninkryk gehad het.

287 "'n Nuwe naam, 'n nuwe naam geskryf in hierdie rots wat niemand weet behalwe hyself nie." Hy weet wie hy is, maar hy kan nie ander vertel nie. Sien? Sien? Niemand weet behalwe hyself nie. Sien? Petrus het geweet hy het die sleutels gehad, maar jy het hom nooit daaroor hoor spog nie. Sien? Hierdie kêrels wat spog met wat hulle is, is gewoonlik niks nie. Uh-huh, uh-huh. "'n Wit rots, en 'n nuwe naam daarin." Nie sy eie naam nie, maar hy's iemand anders (Sien?) wat net hyself weet; hy wat die rots het, die naam. Sien, spesiale manna om die kerk te voed, onthou.

288 Onthou toe Hierdie gebeur het met hierdie kerk, was dit dieselfde tydperk (dieselfde tyd wat Hierdie openbaar is) wat die Nikolaïete vir hulleself 'n hoof van *hulle* kerk opgestel het, 'n pous, en vir hom 'n wit rots-altaar onder gegee het, onder hom, 'n marmer-altaar. Is dit reg? En dit ingelê met knoppe, en sulke dinge, wat kosbaar vir *hom* was.

289 Maar hierdie engel van die Here het geweet wie *hy* was, 'n seun van God, deur—deur die openbaring van Jesus Christus.

290 En toe—toe die Nikolaïete *hulle* leier opgestel het en 'n marmersteen aan sy voete geplaas het (Sien?), het God Sy Gees-vervulde leier opgestel vir Sy Gees-vervulde groep; Sy engel; en Dit het op hom 'n seël van 'n naam geplaas, maar hy moet dit nie openbaar nie. Hy moet dit vir homself hou, sien. "Niemand weet behalwe hyself nie."

291 "Verborge manna, 'n steen, 'n nuwe naam wat niemand ken behalwe hyself nie," en dit is gerig aan die engel van die kerk. Ek wonder of Luther dit geken het? Ek wonder of Wesley dit geken het? Ek wonder of—of ander groot engele?

292 En ek wonder vandag, of in die . . . Wat binnekort in die wêreld kom, die groot engel van Lig wat na ons toe sal kom, wat ons sal uitlei, 'n groot Heilige Gees, wat kom in krag, en ons sal lei na die Here Jesus Christus. Hy sal dit waarskynlik nie weet nie, maar hy sal hier wees een van hierdie dae. Hy sal maak . . . God sal hom bekendmaak. Hy sal nie homself hoef bekend te maak nie, God sal hom bekendmaak. God sal Sy Eie bewys. Dis wat Hy gesê het toe Jesus hier was en hulle Hom nie geken het nie, sien. Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie; maar as Ek die werke van My Vader doen, en julle kan My nie glo nie, glo dan die werke." Is dit reg?

293 O, is Hy nie wonderlik nie! Die Boek van Openbaring. Nou, sien julle waar die kerke is? Sien hoe hulle uitgedruk word? Sien hoe die kerk hier uitgegaan het? Nou, *hierdie* is die tydperk waarby ons môre-aand kom, as die Here wil.

294 Nou, ek's jammer dat ek julle so lank gehou het, maar ek—ek—ek hoop dat julle—julle iets sal leer. En met die neerskryf van die notas, dat wanneer . . . Ek het nog meer hier, omtrent nog drie of vier bladsye, maar ek het net nie die tyd om daarby uit te kom nie, en, want dit word laat, en dis nou omtrent sewentien minute voor . . . Maar ons sal dit in die boek sit, in elk geval, en so sal ons—sal ons—sal ons dit hê.

295 Nou, hoeveel het Hom lief met julle hele hart? Hoeveel glo Hom met julle hele hart? O! Nou, dink julle dat ek hier sou staan net omdat ons nie 'n organisasies is nie—dat ons nie 'n organisasies is nie en daardie dinge sou sê? Verstaan julle nou, broers, waarom ek—ek (my hele lewe lank) ek geveg het teen daardie ding? Sien, Dit was die Heilige Gees. Ek kon dit self nie verstaan nie, ek het dit nie geweet voor net 'n paar dae gelede nie. Sien? Ek het nie geweet wat my dit laat doen het nie; ek het nie geweet hoekom ek altyd uitgeroep het teen vroue wat verkeerd lewe, en dinge nie; ek het dit nie geweet nie, ek weet nou. Sien?

296 Nou, die Here weet hierdie dinge is verkeerd. Hier is hulle wat reg uitgebring word uit die geskiedenis, en kom . . . Die Bybel het gesê . . . Nou kyk hier, die Bybel het gesê (voor die tyd) dat hierdie dinge sou gebeur. Nou, ons het dit geweet, het ons nie? Dan neem ons geskiedenis van daardie tydperk, en sien dat dit gebeur het net presies soos die Bybel gesê het. Is dit reg? Wel, dan, wanneer ons hier afkom by *ons* kerktydperk, en wat Hy voorspel vir *ons* kerktydperk, sal dit gebeur net presies soos God gesê het dit sou. Glo julle dit? O! Wil julle nie hê . . .

> O, ek wil Hom so graag sien, Sy aangesig aanskou,
> Daar te sing vir ewig van Sy reddingstrou;
> Op die straat van Heerlikheid laat ek my stem verhef;
> Sorge weg, eind'lik tuis, altyd te verbly.
>
> O, ek wil Hom so graag sien, aanskou . . . (hoeveel wil?)
> Daar te sing vir ewig van Sy reddingstrou;
> Op die straat van Heerlikheid laat ek my stem verhef;
> Sorge weg, eind'lik tuis, altyd te verbly.

Nou terwyl julle hande skud met mekaar, voor, agter, en langsaan, met al die Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, wat dit ook al is:

Soos ek reis hier deur die land, en my lied nou sing,
O, siele rig op Golg-. . .(Nie die kerk nie, Gólgota.) Deur die bloed wat vloei,
Baie pyle deur my siel, van buite, en ook in;
Maar my Heer lei my voort, aan Hom klou ek meer.

Kom ons staan nou:

O, ek wil Hom so graag sien, Sy aangesig aanskou,
Daar te sing vir ewig. . .(Kom ons steek ons hande op.). . .reddingstrou;
Op die straat van Heerlikheid laat ek my stem verhef;
Sorge weg, eind’lik tuis, altyd te verbly.

297 O, hoe ek Hom liefhet! Hoe ek Hom liefhet! Wonderlik! Wonderlik!

Wonderlik, wonderlik, is Jesus net vir my,
Die Raadsman, Vredevors, Sterke God is Hy;
O, wat my red, my weghou van sond’ en skandevlek,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

Ek was eers verlore, nou gevind, vry van alle skuld,
Jesus gee vrymoedigheid en ’n vol’ verlossing;
Wat my red en my weghou o, van sond’ en skandevlek,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy. . .

Almal, baie hard;

Wonderlik, wonderlik, is Jesus net vir my,
Raadsman, die Vredevors, Sterke God is Hy;
O, wat my red, my weghou van sond’ en skandevlek,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

O, hoe wonderlik!

O, wonderlik, wonderlik, wat Jesus is vir my,
Hy’s die Raadsman, die Vredevors, die Sterke God is Hy;
Hy red my, hou my weg van sond’ en skandevlek,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

298 Kom ons sê saam: “Prys Sy Naam!” [Broer Branham en gemeente sê saam—Red.]: “Prys Sy Naam!” My Verlosser! Onthou môre-aand, sewe-uur. Tot dan, tot julle weer terugkom, doen dit:

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee,
Dit bring troos en vreugde . . . (Bly om julle hier te sien broers, Here seën julle.)
. . . oral met jou mee.

Dierb're Naam (dierb're Naam), O hoe soet! (O hoe soet!)
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam (dierb're Naam), O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

299 Terwyl ons nou ons hoofde buig in gebed, vir die laaste lied, of laaste stansa:

Voor die Naam van Jesus neerbuig,
Neerval aan . . . (Here God, genees hierdie, Here, soos ons . . . ) . . . sal ons Hom kroon,
Wanneer ons ons reis voltooi.

*Die Pérgamése Kerktydperk* AFR60-1207
(The Pergamean Church Age)
Die Openbaring Van Jesus Christus reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 7 Desember 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org